Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2022

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 31 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil doen.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA).

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord die vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE


| AFDELING A: GEDIGTE<br>Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae. | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. "Reaksie" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| | | | |
| 2. "'n brief van hulle vakansie" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| | | | |
| 3. "Twee kleuters in die Vondelpark" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| | | | |
| 4. "Vincent van Gogh" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |
| | | | |
| **EN** | | | |
| **Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. " Man wat doof word" | Kontekstuele vraag | 10 | 12 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 13 |
| | | | |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 13 |
| | | | |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| | | | |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 16 |
| | | | |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 18 |
| | | | |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| | | | |
| 12. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| | | | |
| 13. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 25 |
| | | | |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 25 |
| | | | |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 28 |
| | | | |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 28 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama (Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Reaksie – Vernon February**

Ou Ghwarrie en tjy sê daai ding
dat tjy nou gloe met hart en siel,
is tjy oek nou een van hul kring
en vyand vannie hotnotsriel?
oe tjy sil nou met newwies
en tjou beste sjute die dag deurbring,
dit kan ek nog verdra,
ma aai, wa'om
daai Sunday-go-to-meeting-face, ou Ghwarrie?
wiet, tjy praat mos nes daai seurtjie
oppie draad
dis justice, love en tjêritie,
tjy sê my ek sil eendag brand
ma waa's daai love en tjêritie?
Die teorie wêk olraait,
en wat kry tjy ou maat,
net hate en insults hier.
Dan soebat tjy nog ek moet gloe
Nei mattie, gee daai kan,
Hou tjy tjou Sunday-go-to-meeting-face
en ek my bottel jien.

[Bron: *O snotverdriet*, 1979]

Bespreek in 'n opstel van 250–300 woorde die stemming en kontras wat in die gedig voorkom, asook die geslaagdheid van die aanwending van streekstaal in Reaksie. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**’n brief van hulle vakansie – Breyten Breytenbach**
*vir oubaas:*

**Noudat** ek uitgeswel van lyf is kan ek treur
oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma,
die skamel offerandes van hulle gebede as hulle my
op die knieë van hul Gij Here God lê;

noudat ek agter ’n baard kou kan ek huil
as hulle snags my naam fluister met die ruite
donker knippende oë in die wind, oor die visolie
vir my griep, die ingelegde perskes (albertas) op die rak

In sy sestigste jaar swem my pa in Stilbaai se see
en stap myle ver oor die sand met sy reguit bene
in ’n kortbroek en speel krieket op die duine
en eet alikruikels in die Sea View-losieshuis

want hys ’n bokser dokter boer
’n kaptein en ’n held ’n indoena tussen grysaards –
En as die reën soos ’n gesluierde bruid oor die see kom
word die lieflinghond (Trixie) lam;

drie dae veg die veearts en buig dan die knie
en hulle dra die lyk terug na Kafferskuilrivier
die plaas van hulle jong liefde en plant die saad
’n soenoffer in die diep grond se skoot

want nou is hulle minnaars
stil bome in die najaar met die wind
strelende drome in die takke
onder komete leeftye lang wêrelde

My ooms sterf soos kapok in die son
hartaanval beroerte kanker en tering
en my pa word stiller en meer verskriklik
van dop tot dop

Hier waar die harde winters en nat somers
my lyf ongenaakbaar skil, treur ek oor
die soet hart van my moeder
my pa se stil en bitter krag

[Bron: *die ysterkoei moet sweet,* 1964]

2.1 Die vetgedrukte woord in reël 1 dui op tydsverloop. Hoe word die tydsverloop uitgehef? (1)

2.2 Herlees versreëls 9 tot 12.

2.2.1 Benoem die stylfiguur. (1)

2.2.2 Motiveer die funksionaliteit van hierdie stylfiguur. (1)

2.3 Wat word die vierreëlige strofes, soos in die gedig, genoem? (1)

2.4 Herlees versreëls 25.

2.4.1 Benoem die beeldspraak en motiveer die geslaagdheid daarvan. (2)

2.4.2 Hoe skakel die beeldspraak met die tema van die gedig? (1)

2.5 Verduidelik die betekenis van versreël 28. (1)

2.6 Wat is die funksie van die herhalings in versreëls 1 en 30? Lei die stemming van die gedig hieruit af. (2)

**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Twee kleuters in die Vondelpark – Elisabeth Eybers**

Twee kleuters in die Vondelpark bly staan
ŉ klein oneindigheid lank hand-in-hand.

Smetloos geteken dryf die dubbelswaan:
gesplete hart van hals en dubbelhals,
geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan,
geslote snawel dynserig vervals
met eenkant lug en water anderkant.

Versadig van die roerlose gesig
pluk hy – die seuntjie – plotseling aan haar hand
vir verdergaan, sleep haar tot ewewig
as sy nog strompelend omkyk na die swaan.

Verby die bome druis die straatrumoer.

Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer,
bromfiets tot motor, sal hy konstateer
– die wiel sy ordeteken – dat hy lid
is van die kollektiewe Lilliput.

Maar sý sien webbe onderwater roer.

Miskien is dit die laaste dag van staar
en grondlose verwondering. Wat sou
hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar?
ŉ Saaklike barbaar, ŉ fyn sadis,
ŉ doktrinêre Hollandse meneer?
En sý ŉ druk slagvaardige mevrou
met ŉ allure van dít-is-soos-dit-is?

Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.

[Bron: *Balans,* Human & Rosseau]

3.1 Watter funksie verrig die herhaling van die titel in versreël 1? (1)

3.2 Benoem die halfrym in reëls 9 en 11 wat die hardhandige beweging van die seuntjie beklemtoon en haal die woord aan wat volmaakte harmonie suggereer. (2)

3.3 Hoe word die eerste oorgang in die gedig beklemtoon? (1)

Kopiereg voorbehou

3.4 Herlees versreëls 13 tot 16.

3.4.1 Waarvan is die wiel ’n simbool en is die gebruik van ironie in versreël 13 gepas? Motiveer jou antwoord. (2)

3.4.2 Dink jy die gebruik van die parentese in versreël 15 is geslaagd? Staaf jou antwoord met EEN bewys. (1)

3.5 Haal die metafoor in strofe 5 aan en verduidelik waarom dit gepas is. (2)

3.6 Wat is die tema van die gedig? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vincent van Gogh – D.J. Opperman**

Jy het as ’n miskende
heilige vergeefs geveg teen die ellende
en die onreg in die krotte van die myn,
in agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn
en skriklike stryd van God
leer ken, wat mens en boom verknot
in Sy kramptrekke; maar eers toe jy die koringgerwe
in aanbidding van die son kon verwe,
boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,
die kantelende landskap in die snelle ligte
geel en groen en blou – alles met koorsige gevlek
tot branding van die skone kon verwerk,
toe is Sy hartstog eers in jou volbring
soos groen sipresse tot ’n vlam verwring.

[Bron: *Heilige beeste,* 1945]

4.1 Herlees versreëls 1 en 2.

Benoem die eindrym waarmee die digter die konkrete met die abstrakte verbind? (1)

4.2 Herlees versreëls 1–4.

Haal EEN woord aan om die mense se haglike omstandighede uit te lig. (1)

4.3 Benoem die stylfiguur in versreël 11 en spreek jou uit oor die geslaagdheid daarvan. (2)

4.4 Tempo.

4.4.1 Hoe verskil die tempo in die twee dele van die gedig? (1)

4.4.2 Is die tempoverandering effektief? Motiveer jou antwoord. (1)

4.5 Benoem die beeldspraak in versreël 14 en verduidelik dit in jou eie woorde. (2)

4.6 Deurlopende gedagte en die hoogtepunt.

4.6.1 Wat dink jy is die deurlopende gedagte van hierdie gedig? (1)

4.6.2 Hoekom kan ons beweer dat die hoogtepunt in die slotkoeplet is? (1)

**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Man wat doof word – Peter Blum**

Hulle wil my nie kwes nie, maar ek kom agter
dat hulle harder praat terwille van my;
want sodra ek my rug draai, praat hul sagter;
en my aandeel in die gesprek vergly

in ŉ onbestemde ruising. Snags, by duister
wanneer klein geluide groei, laat ek my streel
deur water wat vérweg vloei, ŉ kraan wat fluister
– en weet ek nie of ek dit my verbeel.

Vertroude stemme is nog helder en skoon
– maar miskien net omdat ek die gehoorde
kan takseer volgens toonkleur, en met ál

my kennis ván, gevoel vír, die persoon;
Omdat vertroudes kan klaarkom met min woorde?
ook dáárom.
Later sal selfs dít wegval.

[Bron: *nuwe stemme 3*, 2005]

5.1 Herlees die titel.

Skryf die woord neer wat suggereer dat die man nog nie sy gehoor geheel en al verloor het nie. (1)

5.2 Benoem die onderstreepte beeldspraak in versreël 7 en verduidelik dié beeldspraak. (2)

5.3 Wat wil die digter met die aandagstreep in strofe 2 bereik? (1)

5.4 Herlees versreëls 9 tot 11.

5.4.1 Wat word ŉ driereëlige strofe genoem? (1)

5.4.2 Waarom is die gebruik van die strofebou effektief indien jy die inhoud in gedagte hou? (1)

5.5 Herlees versreëls 12 tot 15.

5.5.1 Watter verstegniese middel word in die slotstrofe gebruik om die titel te beklemtoon? (1)

5.5.2 Dink jy die gebruik van dié verstegniese middel is gepas? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

5.6 Gee die boodskap van die gedig. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Iris, Els en Johanna word allermins in *Die kwart-voor-sewe-lelie* as die tipiese heldin, ma en huishulp uitgebeeld.

Skryf 'n opstel van 400–450 woorde waarin jy dié stelling bespreek. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Pa was minder tegemoetkomend toe hy terugkom en die storie hoor. Hy het beter slotte laat insit, sy bonusgeld bestee aan 'n gesofistikeerde alarmstelsel wat Ma so dikwels per abuis laat afgaan het dat die polisie ons as 'n gesin met 'n hoë irritasiewaarde aangestip het.

Maar ek dwaal af.

Johanna het ook voor Claude geswik en Ma gevra om 'n Franse kook–boek te koop sodat sy vir die man beter kos kan maak. Sy het ook teenoor my erken dat sy nie dink hy is familie nie.

"My mense is ronder van gesig," het sy gesê. "En korter in die lyf."

Elsa en Hannes was die enigste wat nie meegesleur was nie al het Claude sjarmant deur die tuin gestap met klein Johan aan die hand.

"Dit kan nooit werk nie," het Elsa verklaar. "Die kultuurverskil is te groot."

"Nie regtig nie," het ek gesê. "Sy vak is kunsgeskiedenis en dis hulle al twee se passie."

"Dis nie wat ek bedoel nie," het sy kortaf gesê.

"Hulle kan skaars met mekaar konverseer," het Hannes gesê. (Hy het gehou van woorde soos konverseer, al het dit die res van ons hoendervleis gegee.) "Kara ken twee woorde Frans en hy drie woorde Engels."

"Die liefde ken geen taal nie," het ek teatraal aangehaal.

"Bly stil, Iris," het Elsa gesnou. "Jy is te jonk om saam te praat."

"Hulle geniet mekaar," was Ma se kalm siening. "Niemand het nog van trou gepraat nie."

Pa het onthuts opgekyk. "Trou!"

7.1 Teen watter agtergrond speel reëls 1 tot 4 af? (1)

7.2 Watter karaktertrek van Ma kom in reël 3 na vore? Noem EEN ander voorbeeld in die roman waar Ma tot die owerhede se irritasievlakke bygedra het. (2)

7.3 Watter soort verteller is in reël 5 aan die woord? Sê waarom hierdie soort verteller juis hier funksioneel is. (2)

7.4 Herlees reëls 6 tot 8.

7.4.1 Hoekom was Johanna aanvanklik skepties oor Claude? (1)

7.4.2 Waarmee word hier ligtelik gespot? (1)

7.4.3 Noem enige TWEE voorbeelde, buiten Johanna se opmerking oor Claude, uit die roman waar daar nog spottenderwys na hierdie kwessie gekyk word. (2)

7.5 Watter karaktertrek van Elsa kom duidelik in reëls 12 tot 13 na vore? Dink jy Elsa se lewensbeskouing het later in die roman verander? Motiveer jou antwoord. (2)

7.6 Verklaar die ironie in Hannes se bydrae tot die gesprek in reël 17. (1)

7.7 Herlees reël 22.

7.7.1 Elsa se opmerking bevestig Iris as buitestander. Waarom sou haar posisie in die gesin dit ook bevestig? (1)

7.7.2 Noem enige TWEE ander voorbeelde in die roman waar Iris in haar huisgesin soos die buitestander voel. (2)

**EN**

**TEKS B**

As een van my karakters gepraat het, het mense geluister en gereageer. Dis waarom ek hulle dialoog gepoleer en verfyn het. Hulle het nie “Ha!” gesê en hulle neuse rooi gesnuif nie. Greta sou ook nie gedreig het om by ŉ vlak waterval af te spring nie.

Maar my onmiddellike probleem was Peter en Eduard. Die twee was besig om te oorvleuel, veral in die koue nagte onder die dik donskombers. Eduard was ŉ adolessente skim, moes ek teësinnig toegee, Peter was werklikheid en die Engel het êrens tussen die twee ingepas. My lewe was bevolk met mense wat óf te veel óf te min ektoplasma gehad het. <u>En aangesien die Engel nooit saans voor my slaapkamerdeur uitgekamp het en gewaarsku het teen onheilighede het ek Ouma se weergawe van die gebeure bevraagteken.</u> Sy kon die Engel meer mag toegeëien het as wat hy in werklikheid gehad het of anders is hy, soos ons, deur die evolusieproses van die twintigste eeu gestoot en het anderkant uitgekom met ŉ verslapte sin vir verantwoordelikheid.

“Waarmee is jy nou besig?” het Peter gevra. “Frederik?”

“Ek dink sommer.”

“Dink aan my.”

> “Sekerlik,” het ek gesê en my neus tussen sy borshare ingewoel.
> Ek weet nie hoe laat dit was toe ek wakker geword het nie. Peter het vas geslaap, sy arm swaar oor my bors en eers wou ek net omdraai en weer slaap behalwe dat daar ’n hand op my ander skouer was, en ’n koue hand daarby. Ek kon niks sien nie, daarvoor was dit te donker.

7.8 In watter ruimte bevind Iris haar in hierdie gedeelte? (1)

7.9 Herlees reël 5.

7.9.1 Watter bydrae lewer die fiktiewe en die werklike Peter tot Iris se lewe? (1)

7.9.2 Watter uiteindelike gevolg het die werklike Peter op Iris se lewenskoers? (2)

7.10 Die intrige van die roman speel op twee vlakke af. Motiveer waar jy die Engel sou plaas. (1)

7.11 Herlees reëls 9 tot 12.

7.11.1 Hoe ondersteun die onderstreepte gedeelte in reëls 9 tot 12 die motto van die roman? (1)

7.11.2 Noem enige EEN ander rol wat Die Engel in Iris se lewe speel. (1)

7.11.3 Motiveer waarom dit korrek is om te sê dat Iris, vanweë die rol van die Engel, in TEKS B ’n ander lewensbenadering as in reël 21 van TEKS A het. (1)

7.12 Wie se koue hand het Iris in reël 22 gevoel en wat was die rede dat dié hand op Iris se skouer rus? (2)

**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

## VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

In die roman, *Manaka Plek van die Horings*, is Ouma Essie ŉ invloedryke karakter wat die Christelike geloof op Manaka verseker.

Skryf ŉ opstel van 400–450 woorde waarin jy dié stelling bespreek. **[25]**

## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

Oom Scholtzie en Nanna draai ongemaklik terug na hulle voertuie.

"Jammer dat ek so afgegaan het teenoor jou," sê Baas vir Grace, "maar nou is alles reg en ek wil jou baie mooi vra om huis toe te gaan."

"Dit is iets wat ek graag sal wil doen. Maar die Here wil nie hê ek moet verskonings gebruik om weg te kom van iemand af wat my nodig het nie. Hy wil ook nie hê ek moet weghardloop van my kans af om ŉ werk te kry net omdat iemand my wegjaag nie."

"Daar is niks wat ek kan doen om jou aan ŉ werk te help nie."

"Om my te help om ŉ werk te kry, en om die pad vir die sendelinge oop te maak, is miskien party van die werke waarvoor die Here jou na Manaka toe gestuur het. Miskien is dit ook hoe Hy die eerste sendeling gestuur het om Manaka te begin, lank voor my oupagrootjie se tyd. Dit is hoe dit is."

Baas laat haar toe om hom tussen die stukke hout uit te help

"Ek het vir jou ŉ belt gemaak." Sy het die biesies klaar gevleg. "Gebruik dit in die plek van die haakspeld. Nou kan jy weer die ou man teen jou muur gaan ophang. Dit sal nog ŉ lang ruk wees voor jou klere weer pas."

Baas sak teen die hardekoolknoets op die houthoop neer. "Wat weet jy van die sendeling wat Manaka begin het?"

9.1 Gee TWEE redes vir Oom Scholtzie en Nanna se ongemak in reël 1. (2)

9.2 Hoekom is Baas se optrede in reël 2 tot 3 tiperend van sy karakter? (1)

9.3 Is die TWEE redes wat Grace in reël 4 tot 7 aanbied, geloofwaardig? Motiveer jou antwoord deur na albei redes te verwys. (2)

9.4 Herlees reëls 9 tot 13.

9.4.1 Hoe voel Baas oor elkeen van die twee aspekte waarna Grace verwys? (2)

9.4.2 Hoekom reageer Baas so bedaard op haar woorde? (1)

9.5 Dink jy dat die betekenis van Grace se naam in TEKS C deur haar dade ondersteun word? Motiveer jou antwoord. (1)

9.6 Watter ander belt/lyfband/gordel speel 'n rol in Baas se geestelike groei? (1)

9.7 Herlees reël 15 en 18.

9.7.1 Wat is die verband tussen Baas en die onderstreepte woorde in reël 15 en reël 18? (1)

9.7.2 In watter TWEE opsigte dra die onderstreepte woorde tot Baas se innerlike konflik op Manaka by? (2)

**EN**

**TEKS D**

Toe Baas by sy slaaphut ingaan, stuit sy oupagrootjie se oë hom. Iemand het die toutjie ingeryg en die portret weer teen die muur gehang. Hy gaan behoedsaam nader en soek tussen die hoekige lyne van die gesig en in die helder oë na iets wat hy dalk deur al die jare misgekyk het. Daar is niks nuuts nie. Hy wig die vyfrandmunt wat Riekert vir ouma Essie gestuur het voor sy oupagrootjie se bors tussen die glas en die raam in. "<u>Jy wen, Baas Dennis</u>," sê hy.

Onder die Land Rover word Baas weer naar. Sy balans is nog aangetas In die hoofpad ratel 'n groot voertuig tussen die klipkoppe tot stilstand. Iemand kom van die kerk se kant af in die Manaka-pad langs gestap. Hy struikel oor 'n klip. Dit is die lang man met die blou oorpak. Hy hurk by die Land Rover, sy hand op die agterwiel.

"Howzit?" Whitey loer onder die bakkie in.

"Aan die gang," sê Baas. Hy lê op sy sy.

"Ek het gedink ek sal maar daar bo stilhou, hier is dalk nie draaiplek by jou kamp nie. Die mense in Ngweze het 'n boodskap gestuur. Hulle sê hulle kry nie die onderdele vir jou boot nie."

"<u>Ek het dit nie meer nodig nie</u>. Maar dankie."

Baas rol onder die voertuig uit en gaan sit met opgetrekte bene langs die voorwiel.

Grace bring koffie. Oor haar skouer hang die geel oliebaadjie waarin die patrone en die hondekos toegedraai was …

9.8 Wie is die 'iemand' wat die portret weer teen die muur gehang het? (1)

9.9 Watter tipe konflik ervaar Baas in TEKS D en waaroor handel hierdie konflik? (2)

9.10 Hoekom is die gebruik van die alomteenwoordige verteller in reël 6 tot 12 effektief? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

9.11 Baas se boot.

9.11.1 Wie veroorsaak dat Baas se boot verdwyn? (1)

9.11.2 Wat doen Whitey om Baas te help om sy boot te vind? (1)

9.11.3 Is Whitey se betrokkenheid by Baas teen die einde van die roman oortuigend? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

9.12 Volgens die onderstreepte woorde in TEKS D gaan Baas weg.

9.12.1 Noem TWEE optredes van Baas wat bewys dat hy, net soos die *ou man teen die muur* (TEKS C), op Manaka gaan bly? (2)

9.12.2 Wie het, na jou mening, die grootste invloed op Baas se besluit om te bly? (1)

9.12.3 Motiveer jou keuse by VRAAG 9.12.2. (1)
**[25]**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Oom Flip vat die tema van die roman saam as hy sê: “Die liefde ken nie grense nie.”

Skryf ŉ opstel van 400–450 woorde waarin jy dié stelling bespreek. **[25]**

**OF**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

Die Sondag na die pensioendag was ons weer by Ta Vuurmaak se cabin en hy het ons meer van sy waarheid oor Vatmaar vertel:

Terwyl ek in die Pan, soos Du Toitspan genoem is, was om twak, vuurhoutjies en ander dinge te koop, het Ta Vuurmaak gesê, loop ek een van ons boys wat aan die Queen behoort het, raak. Hy het my vertel dat Chai ŉ witman se werk gekry het. Ek het toe by die dorpsraadkantoor gaan wag tot dit tyd vir Chai was om te tjaila.

Toe hy my sien, gee hy my twee pond om te koop wat ek nodig het en terug te gaan en ons aardse besittings verder op te pas.

Daai Saterdagmiddag het Chai my by my kaija kom sien. Hy het ŉ bottel sjerrie saamgebring en hy het my vertel hoe hy aan die plan vir Vatmaar gekom het. Vatmaar was die naam wat ek aan sy en Corporal Lewis se gesteelde goed gegee het. Nou het hy sommer die plek ook so genoem.

Chai het glo een nag terwyl hy wakker gelê het, die plan gekry vir wat die Engelse ŉ settlement noem. In sy gedagtes het hy die plek naby die vlei gesien.

Ek het met George daaroor gepraat, het Chai gesê, en hy het gesê hy sal graag op sy eie saam met Ruth wou bly, opsy van sy en haar mense. Want sy gaan ŉ bybie kry. George het weer met sy army-captain gaan praat.

11.1 Verteller.

11.1.1 Watter soort verteller kom in TEKS E voor? (1)

11.1.2 Waarom is dié soort verteller nie effektief nie? (1)

11.1.3 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit reël 1 tot 2 aan wat hierby aansluit. (1)

11.2 Waarom kan Ta Vuurmaak as die 'vader' van Vatmaar beskou word? (1)

11.3 Ta Vuurmaak sê dat een karakter skelm-slim is.

11.3.1 Na watter karakter verwys Ta Vuurmaak? (1)

11.3.2 Waarom noem hy hierdie karakter 'skelm-slim'? (1)

11.3.3 Hoe tree Ta Vuurmaak, as een van die Cape Boys, 'skelm-slim' op? (1)

11.4 Oom Chai trou later in die roman.

11.4.1 Watter tipe konflik ervaar Oom Chai in sy huwelik? (1)

11.4.2 Wat is die oorsaak van hierdie konflik? (1)

11.4.3 Dink jy dit was vir Oom Chai nodig om met Bettie te trou? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS F**

Toe vertel Oom Chai breedvoerig wat in Mister Walker se kantoor gebeur het, en hoe hulle die brief gekry het. Hy het die brief hoog in die lug gehou en gesê: Nou sal ons eerbare George Lewis die brief vir ons voorlees.

Almal was stil, iets ongewoons vir die mense van Vatmaar wat daarvan gehou het om te wys hulle lewe nog.

Oupa Lewies het klaar gelees en almal was vir 'n rukkie stil. Toe sê oom Flip: Mag ek iets vra?

Ja! sê Oom Chai.

Ek het nie verstaan wat onse wit broer gelees het nie. Kan jy wat Chai is dit nie asseblief in onse taal verduidelik nie?

Oom Chai het die brief toe oorgesit in die taal van Vatmaar, Afrikaans.

Nou verstaan ons, het almal soos een man gesê.

Daar was 'n lang stilte. Toe sê 'n mooi ligtekopvrou: Dis beter so. Ons kan nie verwag om die kerksaal en sy staanplek verniet te kry nie. Ons is nie daaraan gewoond om dinge vir niks te kry nie. Ons het nog altyd gewerk vir wat ons wil hê.

Wonnie, sê Oom Chai, nou het jy gepraat. En aan die ander: Laat ons luister na hierdie moeder van Vatmaar. Kom staan hier by ons.

Tant Wonnie het haar van haar twee dogtertjies losgemaak en by die twee mans gaan staan. Toe sê sy met 'n glimlag vir die mense: Ons gaan ons eie hoekerf koop. Sy het na die heel voorste erf gewys en gesê: Daar oorkant, daai erf met die klippe op wat niemand wil hê nie.

11.5 Wanneer het Oom Chai en George Lewis ontmoet? (1)

11.6 Oom Chai en George Lewis ontvang 'n brief van die Du Toitspan-dorpsraad.

11.6.1 Waarom is die briefinhoud vir die Vatmaar-gemeenskap 'n teleurstelling? (1)

11.6.2 Watter rede gee die dorpsraad in dié brief aan die Vatmaar-gemeenskap vir hulle besluit? (1)

11.6.3 Stem die gemeenskap se reaksie in TEKS F ooreen met Vatmaar se siening van die Agtste Gebod (Jy mag nie steel nie)? Motiveer jou antwoord. (1)

11.7 Een van die aktuele probleme wat in Vatmaar voorkom, is ongeletterdheid. Hoe dra Elsa en Oom Chai onderskeidelik by om dié aktuele probleem op te los? (2)

11.8 Herlees reëls 13 tot 15.

11.8.1 Watter karaktereienskap van Tant Wonnie kan jy na aanleiding van haar woorde in reël 13 tot 15 aflei? (1)

11.8.2 Gee TWEE voorbeelde uit die roman waar Tant Wonnie dieselfde eienskap openbaar. (2)

11.9 Dink jy dat Tant Wonnie as die 'moeder van Vatmaar' beskou kan word? Motiveer jou antwoord. (1)

11.10 Herlees reël 21.

11.10.1 Hoe sluit dié reël by die inwoners van die Vatmaar-nedersetting aan? (1)

11.10.2 Noem EEN ander vroulike karakter in Vatmaar op wie dié woorde van toepassing is. (1)

11.10.3 Gee ook die rede waarom die woorde op hierdie karakter van toepassing is. (1)

11.10.4 Waarom kan dié reël op Corporal Lewis en Ruth van toepassing gemaak word? (1)

**[25]**

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

In die roman *Onderwêreld* is die hoofkarakter ’n slagoffer van sy omstandighede en daarom begaan hy verskeie oortredings wat amper tot sy ondergang gelei het.

Bespreek dié stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWêRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

**<10>Log File: Toets vir idiote</h10>**

Dis die dag ná ek gesien het hoe Eckardt die reisagent se systems hack. En die eerste oggend dat Eckardt my kom wakker maak.

“Terwyl Zeus, die heerser van Olimpus, slapend gevou lê in Hipnos se vlerke, strand sy seun, Herakles, se skip vandag weer op Kos,” sê hy toe hy aan die deur klop.

“Wat de hel?” vra ek deur die slaap.

“Never mind. Roer jou gat en staan op,” antwoord hy.

Ek maak een oog oop, lig myself op my elmboë. Eckardt is in sy oefenklere.

Sweet glim op sy lyf. “Is jy simpel? Het jy al gaan draf?” vra ek.

“Altyd. Enigste tyd om helder te dink, so vroeg in die môre. Toe, roer jou, dis byna tyd vir brekfis.”

Die dag sleep om. Pouse moet ek, in opdrag van Dok, die VRL aanvat oor “hul betreurenswaardige dissipline”. Meneer Andersen daag halfpad deur die vergadering op. Spioeneer op ons, asof ons dit nie weet nie.

“Wil Meneer nog iets byvoeg?” vra ek toe ek klaar my preek afgesteek het.

Hy skud sy kop en loop.

“Good show,” sê Kwanele toe hy ook loop, sy houding uitdagend. Ek gluur hom agterna.

Ek kry vir Eckardt op pad na die Engelsklas. “Jy onthou nog van jou belofte van gisteraand, nè!” herinner ek hom.

“Ek het nie vergeet nie,” sê hy. Die terreinbestuurder loop verby ons. Hy kyk in ons rigting. Eckardt knik sy kop uit hoflikheid, maar praat nie verder totdat hy buite hoorafstand is nie. “Dink solank aan ’n lekker *catchy nick*.”

13.1 Herlees reël 1.

13.1.1 Verduidelik die hoofstuktitel. (1)

13.1.2 Hoe gebruik die skrywer die hoofstuktitel om die spanning te verhoog? (1)

13.2 Herlees reël 4 en 5.

13.2.1 Van wie is Zeus en Herakles in die onderwêreld simbolies? (2)

13.2.2 Dink jy dié karakters pas in die roman? Motiveer jou antwoord. (1)

13.3 Herlees reël 13 en 14.

Motiveer waarom die prekery van Greg aan die VRL ironies is. (1)

13.4 Herlees reëls 15 tot 19.

13.4.1 Verskil Greg se houding van Kwanele s'n? Motiveer jou antwoord. (1)

13.4.2 Wat veroorsaak die konflik tussen Greg en Kwanele? (1)

13.5 Herlees reël 24 en 25.

13.5.1 Waarna verwys Eckardt? (1)

13.5.2 Hoe is die skuinsgedrukte woorde op Eckardt van toepassing? (1)

13.5.3 By watter tema van die roman sluit hierdie reëls aan? (1)

13.5.4 Gee nog EEN voorbeeld uit die roman waar dié tema voorkom. (1)

**EN**

**TEKS H**

Ek weet hy het met 'n "Colin" gepraat. Maar wie dit is, weet ek nie.

"Die ou is van die CCU. Die Computer Crimes Unit. Hy het laat vanmiddag deurgekom van Gauteng af. En toe het hy daardie laptop van jou begin deursoek. Gekyk wat jy met hom aanvang."

Hy sou nie veel kon sien nie, weet ek. Waar ek kon, het ek altyd deur ander rekenaars in Amerika of China ge-hack. Dit maak dit moeiliker om jou te trace, het Eckardt my geleer. Iemand wat dit wou probeer, sou eers 'n administrator van die Internet Service Provider in die ander land moes oorreed om ondersoek in te stel. Hulle sou ook die telefoonmaat – skappy sover moes kry om die oproep te trace. Dis nie so maklik met al die privacy wette nie. Jy sal 'n goeie rede moet hê om die lasbriewe in die hande te kry.

Buiten hiervoor het ek in elk geval my internet history ge-delete. En Sure Delete, 'n program wat ek gebruik het, het gesorg dat niemand die deleted files weer kan opdiep uit die computer se hardeskyf nie. "Nie heeltemal foolproof nie," het Eckardt gesê, "maar iemand wat dit probeer kry, sal die regte equipment moet hê, ook baie tyd en geld."

"Ja?" vra ek vir sersant Botha. "En wat het hy gekry wat ek nie alreeds vir julle vertel het nie, sersant?"

Sersant Botha bly eers 'n ruk stil. Toe sê hy: "'n Keylogger."

Wat? wil ek skree.

"Jy weet wat dit is, nè, Greg?"

13.6 Teen watter agtergrond speel hierdie uittreksel af? (1)

13.7 Verteller.

13.7.1 Watter tipe verteller vind ons in hierdie uittreksel? (1)

13.7.2 Gee EEN voordeel en EEN nadeel van die sodanige verteller in hierdie uittreksel. (2)

13.8 Noem EEN karaktereienskap van Greg wat in die onderstreepte woorde in reël 18 en 19 na vore kom. (1)

13.9 Kies uit die onderstaande antwoorde (A–D) die regte definisie van ŉ ‘keylogger’. Skryf slegs die korrekte letter neer.

A ŉ Rekenaarprogram wat jou persoonlike inligting uitwis.

B Die basiese kode waarmee programme geskryf en in stand gehou word.

C ŉ Rekenaarprogram wat jou stelsel teen virusse beskerm.

D ŉ Rekenaarprogram wat registreer watter sleutels op ŉ rekenaartoetsbord gedruk word. (1)

13.10 Vroeër in die roman het Greg self ook op dok. Pienaar se rekenaar ŉ ‘keylogger’ geïnstalleer.

13.10.1 Watter tegniek het hy gebruik om die ‘keylogger’ te installeer? (1)

13.10.2 Sou hierdie optrede as geregverdig gesien kon word, in die lig van Greg se posisie in die skool? (1)

13.11 Dramatiese wending.

13.11.1 In watter reëls is daar ŉ dramatiese wending in TEKS H? (1)

13.11.2 Tot watter insig kom Greg aan die einde van TEKS H? (1)

13.12 Greg.

13.12.1 Dink jy daar is ŉ verskil in Greg se selfvertroue in TEKS G en die aan die einde van TEKS H? Motiveer jou antwoord. (1)

13.12.2 Wat gebeur ná hierdie uittreksel in die roman en wat dink jy is die boodskap in hierdie uittreksels? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hiedie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF vraag 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Die inwoners van die Kaapse Vlakte se lot is lewenslange gevangenisstraf.

Bespreek hierdie stelling deur te verwys na die redes vir die inwoners van die Vlakte, Die Cavernelis-gesin en Map Jacobs se gevangennisstraf en dui aan of ontsnapping vir hulle moontlik is in ŉ opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| RICHIE: | Hel, wiet jy hoe bly was ek, ek was nie daai aand saam nie! |
| | *Hulle speel.* |
| CYRIL: | Jy beter watch jou kinnertjies daarso! |
| | *Maud Cavernelis verskyn by haar venster, bo.* |
| CYRIL: | (*bewus van haar; aan Richie)*: Ky' da' da' ... Al weer afgelyster, of course. Spy op ŉ mens! Loer deur die gidyne! Ba! Betere mense kamma as ons! |
| RICHIE: | Los die vrou af, man! |
| CYRIL: | Wat voor lyster sy ons af? |
| MAUD: | Nee, nie afgelyster nie, julle! Nie ge-spy nie. Net maar gehóór. Julle monde ... is so groot en julle skree so hard, en sulke ... |
| CYRIL: | Sê maar stront, missies Cavernelis, sê maar stront ... Moenie mooie woorde soek nie! Ons verstaan! |
| MAUD: | Onbeskof! |
| CYRIL: | Praat maar Ingils oek, missies Cavernelis. Missies Cavernelis prefer mos Ingils! 'Is mos ŉ superior language like! |
| RICHIE: | Los die vrou af, man |
| CYRIL: | Okay, ons sil vi' ons behave, antie ... O sorry, missies Cavernelis is mos nie my antie nie! Maar ons sil vi' ons behave! |
| MAUD: | Julle beter! 'Cause julle groot monde briek die hele Sondag af, het julle nie eers respect vir die Sondag nie? |

| | |
|---|---|
| CYRIL: | Monde? Sê maar bekke, missies Cavernelis! En Sondag? Missies Cavernelis praat van die Sondag? En wat van missies Cavernelis se step-daughtertjie Blanchie miskien? Het sy oek respect vir die Sondag? Nei, because her daddy stuur vir haar yt op die lonely hearts biesigheit, even op die Sondag! |

15.1 Herlees reëls 1 tot 2.

15.1.1 Na watter aand verwys Richie en wat kan die gehoor uit sy woorde aflei? (2)

15.1.2 Hoe pas die gebeure van daardie aand in by die politieke en maatskaplike milieu waarteen hierdie drama afspeel? (2)

15.2 Herlees reël 3 en 4.

15.2.1 Wat speel Cyril en Richie? (1)

15.2.2 Dink jy die gebruik van personifikasie in hierdie reëls is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

15.2.3 Waarvan is hierdie spel ŉ simbool in die drama? (1)

15.3 Herlees reël 5.

15.3.1 Wat word hierdie skuinsgedrukte woorde genoem? (1)

15.3.2 Gee EEN funksie van dié kursiefgedrukte woorde. (1)

15.4 Maud.

15.4.1 Hoe kry die dramaturg dit reg om die gehoor daarvan bewus te maak dat Maud nie in die township pas nie? (2)

15.4.2 Verklaar Maud se afsydige houding in die township. (1)

15.5 Blanchie is Cavernelis se dogter.

15.5.1 Wat beteken Blanchie se naam? (1)

15.5.2 Gee TWEE redes hoekom dit ironies is, veral as jy dink aan die latere gebeure in die drama. (2)

15.6 Watter karaktereienskap van Cyril kan uit die dialoog tussen Cyril en Maud afgelei word? (1)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| MAUD: | Het jy regtig gedink jy belong dáár ...(*Bekyk die briefie.)* God, the audacity, still to write “Dear”! “Dear Miss Cavernelis” ...”!! (*Dan aan Blanchie.)* You and your friends across the colour line ... You and the Sunday newspapers ... You and your daddy ... Yes, you and your daddy! All for the money, all for the money, the money ... We’ve got to get the hell out of this township ... Right? ... Right? ... So sê jou daddy ... vir jare al ... As if we can! As if we cán! Fóóls! Bloody stupid fools! Jus’ look at us now, kyk nou ... hoe humiliate julle vir ons!!! |
| BLANCHIE: | *(huil nou weer, skreeu nou):* Aw, shut up you! Shut up! Shut up! Shut up! Shut up, you! (*Sy kry Maud beet, pluk haar rond.)* Shut up! Jy wil nét so hierso yt, soes Daddy! |
| CAVERNELIS: | So what do you talk?! |
| | *hulpeloos eenkant, lees weer die brief.* |
| MAUD: | *(bitsig):* You little ... little bitch ... You ... (*Hulle pluk aan mekaar, albei ewe hulpeloos en stukkend.)* ... Dink because jy’s jou daddy se kind by sy ... eerste vrou ... en ek is ... I’m just your step-ma ... I’m just ... Auntie Maud ... to you ... you can. you can ... pull me around!! ... You little ... jintoe!! |
| | *Dan klap Blanchie vir Maud.* |
| BLANCHIE: | You ... You ... |
| MAUD: | Little ... teef! ... (*Lê haar naels in Blanchie.)* |
| BLANCHIE: | *(skreeu):* “Bitch”? ... “Jintoe”? “Teef”! ... Oh, my God ... Antie Maud ... Antie Maud ... How can you ... |
| CAVERNELIS: | Blanchie ... Maudie ... |
| BLANCHIE: | *(skielik, bitter, huilend, skreeuend):* ‘Is alles Daddy se skuld! |
| | *Die woorde bly hang, klokhelder in die lug. En Cavernelis versteen, totaal geskok.* |

15.7 Waar in die struktuur van die drama pas TEKS J in? Motiveer jou antwoord. (2)

15.8 Watter konflik kom in TEKS J voor en hoe verskil dit van die konflik in TEKS I? (2)

15.9 Herlees reëls 17 tot 21.

Het die dramaturg die dramatiese doelstelling in hierdie gedeelte bereik? Motiveer jou antwoord. (1)

15.10 Herlees reël 32 en 33.

Motiveer of hierdie stelling van Blanchie waar of onwaar is. (1)

15.11 Waarom is die gebruik van die ellips in Teks J so funksioneel? (1)

15.12 *Krismis van Map Jacobs*

15.12.1 Dink jy die taalgebruik in *Krismis van Map Jacobs* is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

15.12.2 Met watter tipe teater het ons in die drama te doen? (1)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG

Die verskillende ruimtes in *Mis* dra by tot Meisie se gevangeneskap en ten einde ook tot haar bevryding.

Skryf ʼn opstel van 400–450 woorde waarin jy dié stelling bespreek. **[25]**

## VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

### TEKS K

| | |
|---|---|
| | *Kort stilte terwyl MEISIE nog die bord uitskraap. Die **valdeur** klap toe.* |
| GERTIE: | Aag, as vannag net eers verby is. Vir weke slaap ek al onrustig. Kry sulke aaklige drome. |
| MIEM: | Werklik? |
| GERTIE: | Ja! |
| MIEM: | Soms is drome nie net drome nie ... soms ... is hulle ... voorspooksels! |
| GERTIE: | Jy moet dit tog nie sê nie, Miem! |
| MIEM: | Dit kan wees. O ja. Ek het ʼn gevoel ... hoe sou ek nou sê ...(*klop met haar vuis teen haar bors)* ʼn gevoel hier diep, diep binne-in my. (*Onheilspellend)* Vannag sak die donker magte oor ons dorpie neer! |
| GERTIE: | Wat ʼn aakligheid! <u>As daar iets gebeur</u>, moet die kerkklok lui. |
| MIEM: | Is dit waar? |
| GERTIE: | Ja. Die wyksusters het vanmiddag vir almal laat weet. En dan moet ons ons kerk toe haas om daar bymekaar te kom. |
| MIEM: | *Daar is ʼn harde klop aan die deur.* (*fluister waarskuwend)* Bly doodstil. *MEISIE kom nader en staan bang agter haar ma se stoel. Daar is weer ʼn klop.* |
| MIEM: | Wie is dit? |
| KONSTABEL: | Konstabel Van De Riet. Mevrou. |
| MIEM: | Konstabel Van der Riet. Ek ken nie so ʼn konstabel nie. |

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | Ek weet, Mevrou. Ek kom van elders. Deel van die ontplooide waakeenheid. En ek is hierheen gestuur. Julle bly so afgesonderd. Dit kan gevaarlik wees.<br>*MIEM, MEISIE, en GERTIE kyk na mekaar.* |
| MIEM: | Verskoon my tog, Konstabel, maar vannag moet 'n mens versigtig wees. (*Loer deur die sleutelgat.)* ‘<br>*GERTIE loer ook deur die sleutelgat.* |
| GERTIE: | (*bewonderend)* Selfs in die donker kan ek sien hy het 'n goeie houding. Regop rug. Skouers terug. So 'n man kan 'n mens vertrou. |

17.1 Herlees reëls 1 tot 2.

17.1.1 Wat word die skuinsgedrukte teks genoem? (1)

17.1.2 Na wie/wat verwys die vetgedrukte woord en hoekom is dit belangrike inligting vir die gehoor? (2)

17.2 Wat is die funksie van die beletselteken in reëls 8 en 9? (1)

17.3 Herlees reëls 11 en 12.

17.3.1 By watter tema sluit Miem se woorde aan en hoe verstaan Miem haar rol in hierdie tema? (2)

17.3.2 Dink jy Miem vervul haar rol effektief? Noem EEN bewys uit die drama om jou antwoord te staaf. (1)

17.4 Gedurende watter jaar speel die drama af en waarna verwys Gertie se onderstreepte woorde in die uittreksel? (2)

17.5 Herlees reël 23 en 24.

Watter moontlike konflik beleef Meisie hier? Word hierdie konflik aan die einde van drama opgehef? Motiveer jou antwoord. (2)

17.6 Watter karaktereienskap kan ons in reël 34 van Gertie aflei? (1)

17.7 Dink jy die stemming verander in TEKS K? Motiveer jou antwoord. (1)

17.8 Waar in die struktuur van die drama pas TEKS K in? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| | *Die Konstabel antwoord nie. Hy staan stil en staar voor hom uit.* |
| MIEM: | *(oorvriendelik, na stilte)* Vertel ons, Konstabel, het u ondervinding van sulke sake? Verdwynings bedoel ek? |
| KONSTABEL: | O ja, dit is waarvoor ek eintlik gebruik word. Vermiste persone. |
| MIEM: | Werklik? |
| | *MEISIE steek haar vinger raak. Sy trek haar asem in en suig haar vinger.* |
| MIEM: | *(aan die KONSTABEL)* So u sê u werk met vermiste persone, Konstabel? |
| KONSTABEL: | Ek kan miskien nie sien. Maar daarom word ek gebruik. As daar niks is om te sien nie. As iemand uit die oog verloor is. |
| GERTIE: | Hoe wonderlik! |
| KONSTABEL: | Want al kan jy iemand nie met die blote oog sien nie ... is daar ... ander sintuie ... wat die werk kan doen. |
| MIEM: | Werklik interessant. |
| GERTIE: | Vertel ons, Konstabel, hoe gaan u te werk? |
| KONSTABEL: | Nou ja ... sien is glo. Dit is eintlik moeilik om te verduidelik. |
| | *Kort stilte.* |
| GERTIE: | (*oorvriendelik)* Kom sit tog, asseblief, Konstabel. |
| KONSTABEL: | Nou goed. |
| MIEM: | Dan skink ek vir jou nog ŉ koppie koffie. *(Staan op en beweeg na die stoof)* |
| KONSTABEL: | Ek wonder of iemand my kan help ... Sien, sonder my stok is ek verlore ... |
| GERTIE: | Maar alte seker, Konstabel. (*Tel die stok op en gee dit vir hom. Neem sy arm en lei hom na die stoel)* |
| KONSTABEL: | *(ruk sy arm weg)* Dankie, Juffrou, ek sal self regkom. (*Beweeg stadig na sy stoel terwyl hy met sy stok rondtas)* |
| | *GERTIE kyk na MIEM. Hulle skud hul koppe simpatiek.* |

17.9 Wat het net voor hierdie uittreksel gebeur, wat Konstabel so kwaad gemaak het en watter woord/aksie dui daarop dat Miem nou witvoetjie soek. (2)

17.10 In hierdie uittreksel prik Meisie haar vinger vir die derde keer.

17.10.1 Met watter sprokieskarakter kan Meisie vergelyk word? (1)

17.10.2 Gee EEN rede om jou antwoord by VRAAG 17.10.1 te staaf. (1)

17.10.3 Waarom is dit betekenisvol dat Meisie haar vir ŉ derde keer met die naald raaksteek? (1)

17.11 Herlees reël 20.

17.11.1 Na watter terugkerende motief verwys Konstabel se woorde? (1)

17.11.2 Verduidelik die ironie van sy woorde indien jy die slot van die drama in gedagte hou. (1)

17.12 Kan *Mis* as ŉ goeie voorbeeld van ŉ eenbedryf geklassifiseer word? Gee TWEE redes om jou antwoord te staaf. (2)

17.13 Motiveer of die buiteruimtes tot Meisie se bevryding aan die einde van die drama bydra. (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2022

# AFRIKAANS HUISTAAL V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 33 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. As ŉ kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As ŉ kandidaat in AFDELING A al vier vrae en die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As ŉ kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ŉ kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As ŉ kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As ŉ spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/vakhoof. Die nasienriglyne is slegs ŉ riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As ŉ kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ŉ vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JAN/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

**"Reaksie" – Vernon February**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Die stemming is hoofsaaklik een van misnoegdheid en van minagting.**
- Die verkleining van die woord Ghwar, nl. *Ghwarrie* en die feit dat daar na bekering as *daai ding* gewys word, dui hierop.
- Tog is daar ook ŉ stukkie spot wanneer daar na Ghwarrie se bekering *met hart en siel* verwys word.
- In reël 8 verander die minagting na moedeloosheid wanneer hy die uitroep, *maar ai* gee.
- Die stemming van minagting word voortgesit wanneer Ghwarrie se taalgebruik gelykgestel word aan die *seurtjie* s'n. Weereens word die verkleining gebruik om die minagting aan te toon.
- Die verontwaardige stemming word verder gevoer wanneer hy bevestig hy sien geen *love and charity* vanaf Ghwarrie nie.
- **Die kontras van hoe Gwarrie was teenoor hoe hy nou is**, kom baie duidelik na vore.
- Hy was vantevore nie bekeerd nie en ŉ aanhanger van die hotnotsriel. Nou glo hy met *hart en siel* en is hy *die vyand van die hotnotsriel*.
- Sy voorkoms het ook verander. Hy loop nou die hele dag met sy *newwies* en *beste sjute*. Daarby het hy nou ŉ *Sunday-go-to-meeting-face*.
- ŉ Verdere **kontras kom voor tussen wat Ghwarrie predik** – *justice love, and tjêrritie* – teenoor dit wat die spreker ervaar – *hate and insults.*
- **Die slot van die gedig staan ook in kontras** wanneer die spreker vir sy *bottel jien* vra teenoor Ghwarrie se *Sunday-go-to-meeting-face*.
- Die gebruik van **Kaaps Afrikaans** is **funksioneel** aangesien dit die gedig binne ŉ bepaalde milieu plaas en dit so baie meer geloofwaardig maak.
- **Kaaps Afrikaans kan gesien word in die gebruik** van die Engelse woorde, bv. *sjute, Sunday-go-to-meeting-face; justice love, and tjêrritie*; *hate and insults.*
- Die palatalisasie van die j-klank tot ŉ tj-klank soos in *tjy* en *tjou.*
- Die weglating van konsonante aan die einde van woorde: *ma; waa* soema.
- Weglating of elisie van klanke in die middel: *wa'om*
- Verlaging van vokale: *gloe* in plaas van glo; *oek* in plaas van ook
- Assimilasie kom ook voor: *oppie*

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan.

**[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

**"'n Brief van hulle vakansie" – Breyten Breytenbach**

| Vraag | | Antwoord | Punt |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Voorplasing / met 'n hoofletter geskryf / herhaling. √<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 2.2 | 2.2.1 | Polisindeton/Hiperbool √ | 1 |
| | 2.2.2 | Dit beklemtoon elke ding wat die spreker se pa doen / afsonderlik genoem. /<br>Dit skep die indruk dat sy pa ten spyte van sy 60 jaar nog steeds sterk is. /Dui bewondering vir sy pa aan. √ | 1 |
| 2.3 | kwatryn / kwatryne √ | | 1 |
| 2.4 | 2.4.1 | Vergelyking √<br><br>Dit is geslaagd, net soos die kapok vinnig (en sonder keuse in die son) smelt, net so is die familie besig om te sterf. / Dit dui op hoe vinnig die aftakelingsproses plaasvind – so vinnig soos die kapok in die son smelt. √<br><br>*Beide kante van die twee aspekte wat vergelyk word, moet gegee word vir een punt.* | 1<br><br>1 |
| | | | |
| | 2.4.2 | Net soos die kapok uitgelewer is aan die son en nie dit kan verhoed om te smelt nie – net so is die is mens uitgelewer aan die dood, niks of niemand kan jou daarvan red nie /<br>Net soos die kapok nie die smeltproses kan keer nie, net so takel die ouderdom 'n mens af en verganklikheid is vir almal 'n onvermydelike realiteit. √<br><br>*Kandidaat moet by die tema uitkom.* | 1 |
| 2.5 | Die spreker se pa het te veel begin drink. / suggereer verganklikheid / hy kruip al hoe meer in sy dop. √ | | 1 |
| 2.6 | Dit bewerk eenheid in die gedig/Beklemtoon dat die spreker treur. √<br><br>Weemoedig/hartseer/treurig. √ | | 1<br><br>1 |
| | | | **[10]** |

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

**"Twee kleuters in die Vondelpark" – Elisabeth Eybers**

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Dit beklemtoon die illusie van die werklikheid. √ | | 1 |
| 3.2 | p- en s-alliterasie /alliterasie √<br><br>"ewewig" √ | | 1<br><br>1 |
| 3.3 | Versreël word tipografies alleen geplaas./ Die alleenplasing van r.12 / Alleenplasing. √ | | 1 |
| 3.4 | 3.4.1 | Die wiel is 'n simbool van realisme die harde werklikheid / Statussimbool van die man / Dui op die wêreld van prestasie / Geen plek vir drome in die wêreld van materialisme nie. √<br><br>Ja, promosie behoort te lei tot positiewe groei, maar hier word hy tot verbeeldingloosheid bevorder. / die seun se wêreld word geestelik kleiner. √<br><br>*NEE word nie as antwoord aanvaar nie.* | 1<br><br>1 |
| | 3.4.2 | Ja, dit vertel die leser wat die man sal konstateer / bevestig / dit hef die inhoud van die statussimbool uit. / Dit beklemtoon wat die man se statussimbool is. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.5 | "kollektiewe Lilliput" √<br><br>Dit is gepas, want daar word beklemtoon dat alle mans eendag net deel sal word van die kleinlike massas/ alle mans is net geestelike dwerge. √<br><br>**OF**<br><br>Dit is nie gepas nie, want dit is 'n verskriklike veralgemening nie alle mans is kleinlik en belangrik in hulle eie oë nie / Nie alle mans is geestelik arm nie. √ | | 1<br><br>1 |
| 3.6 | Dit gaan oor die ontwikkelingsproses van jeug tot volwassenheid / 'n Proses waarin die mens deur die tyd gevorm en vervorm word en sekere lewenswaardes aankweek.<br>Die skoonheid, idealisme en ewige waardes sal altyd bly. / Die navraag na vooruitgang veroorsaak dat mense hulle vermoë om verwondering te ervaar verloor. √ | | 1 |
| | | | **[10]** |

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

**"Vincent van Gogh" – D.J. Opperman**

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Paarrym √ | | 1 |
| 4.2 | "ellende"/"onreg"/"krotte"/"agtergebuurtes" √<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 4.3 | Polisindeton √<br><br>Dit is geslaagd, want dit hef al die verskillende kleure wat in die skildery gebruik is, doeltreffend uit. √ | | 1<br><br>1 |
| 4.4 | 4.4.1 | In deel 1 is daar 'n gevoel van gejaagdheid/angstigheid, maar in deel 2 is die tempo rustiger. √ | 1 |
| | 4.4.2 | Ja, Van Gogh se gejaagdheid het verander na rustigheid, want hy het sy ware roeping gevind. √<br><br>*NEE as antwoord word nie aanvaar nie.* | 1 |
| 4.5 | Metafoor, √ Van Gogh ervaar verlossing terwyl hy die sipresse skilder. √ | | 2 |
| 4.6 | 4.6.1 | Deurlopende gedagte is Vincent van Gogh se lewe en stryd. √ | 1 |
| | 4.6.2 | Dit verwys na die kunstenaar / Van Gogh se taak op aarde wat volbring is/God se skeppingsplan in Van Gogh se lewe is voltooi. √ | 1 |
| | | | **[10]** |

**EN**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

**"Man wat doof word" – Peter Blum**

| Vraag | | Antwoord | Punt |
|---|---|---|---|
| 5.1 | "word" √ | | 1 |
| 5.2 | personifikasie √<br><br>Die kraan klink of dit soos 'n mens fluister. / Die spreker se gehoor is moontlik al so sleg, dat selfs 'n kraan wat loop – soos 'n fluister klink. √ | | 1<br><br>1 |
| 5.3 | Dit skep afwagting dat hy dit wel kan hoor. / Dit is asof die leser saam met die spreker asem ophou in die nag / Hy hoop dit is 'n kraan wat "fluister" / Hy kan darem nou nog hoor. √ | | 1 |
| 5.4 | 5.4.1 | Tersine √ | 1 |
| | 5.4.2 | Net soos die spreker al hoe minder kan hoor, raak die versreëls al hoe minder / Net soos die woorde wat die spreker nie meer kan hoor nie, val die versreëls ook weg. √ | 1 |
| 5.5 | 5.5.1 | Tipografiese wit. / weglating van woorde in die versreël. √ | 1 |
| | 5.5.2 | Ja dit is gepas, want net soos die laaste klanke wat die man kan hoor eendag sal 'wegval', so val 'n deel van die versreël weg/<br><br>Die persoon wat nie kan hoor nie hoor net 'n deel van die gesprek en in hierdie geval, die helfte van die versreël. / Die wit gedeelte dui op die stiltes wat nou die spreker se lewe vul. √√<br><br>*NEE as antwoord is verkeerd.*<br>*Die kandidaat bied enige TWEE voorbeelde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 5.6 | Ek dink die spreker is besig om sy gehoor te verloor / Ek dink die spreker wantrou sy vriende en dink hulle skinder oor hom, omdat hy nie hulle gesprekke kan hoor nie. √ | | 1 |
| | | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dit is ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Iris is nie die tradisionele heldin wat in ŉ liefdesverhaal aangetref word nie**, want as ŉ onsekere karakter en bly sy deurentyd op soek na ŉ geleentheid om haar volle potensiaal te bereik.
- **Iris is nie ŉ gewone, selfversekerde meisie nie**, maar voel eerder dat niemand na haar luister nie.
- **Iris is nie ŉ entoesiastiese meisie wat opgewonde is oor haar doen en late nie**, want sy glo alles wat haar susters doen is opwindender en interessanter.
- **Iris se familie wil dink dat sy nie in mans belangstel nie** en sy smeek haar ma om van Riekie ontslae te raak.
- **Iris se knieë knak nie voor enige aantreklike man nie** en daarom beïndruk Frederik se plakkaatvoorkoms haar maar min.
- **Iris verkies om die hede te ontduik deur in haar verbeeldingswêreld te leef**, want dit bied baie meer opwinding.
- **Aangesien Iris nie tevrede is met alles wat die werklikheid bied nie**, skep sy verbeeldingsvlugte en ŉ Engel sodat sy kan ontsnap na ŉ interessanter wêreld.
- **Sy hanteer verhoudings nie soos die tipiese meisie wat ŉ emosionele ervaring wil hê nie**, maar verkies om slegs fisiek betrokke te raak.
- **Iris is nie beroepsgerig en gedrewe nie**, maar verkies om eerder by dokter Anders te werk omdat sy nie wil hê die werklikheid moet haar verbeeldingsvlugte onderbreek nie.
- **Iris stel alles in haar lewe ondergeskik aan die een groot blomoomblik in haar lewe**, want sy glo dat ŉ mens net een kans op ware geluk het.
- **Els is nie die konvensionele ma wat haar dogters liefdevol grootmaak nie**, maar hierdie taak word grootliks aan Johanna oorgelaat.
- **Els word eerder deur haar kinders grootgemaak**, want hul wys haar op baie dinge wat sy moet doen.
- **Els is nie die tipiese ma wat ŉ goeie kok is nie** en is eintlik dankbaar wanneer die aandete aan die gaar raak was.
- **Els verkies dit om tyd in die tuin deur te bring** eerder as om die tradisionele take van ŉ ma te verrig.
- **Els maak haar kinders ietwat liberaal groot** aangesien sy nie in hul pad staan wanneer hul op jong ouderdomme verhoudings aanknoop nie.
- **Els tob nie oor haar dogters se sedes nie** en deur stil te bly of hul nie aan te spreek nie, aanvaar sy hul optrede.

**[25]**

## VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 7.1 | ’n Dief het by Iris-hulle ingebreek. / ’n Dief het die televisie probeer steel. √ | | 1 |
| 7.2 | Verstrooid √<br><br>Ma het die amptenare by Binnelandse Sake deurmekaar gehad met die inligting omtrent Johanna vir die pas wat sy moes dra. √ | | 1<br><br>1 |
| 7.3 | Eerstepersoonsverteller √<br><br>Die verteller laat die leser besef dat Iris ’n storie so gemaklik/lekker vertel dat sy maklik afdwaal van wat sy eintlik wil sê. /<br>Die leser besef dat Iris se gedagtes afdwaal terwyl sy ’n storie vertel. /<br>Dit word vir die leser beklemtoon dat Iris se gedagtes rondspring/nie altyd georden is nie. √ | | 1<br><br>1 |
| 7.4. | 7.4.1 | Claude is nie-blank/swart. √ | 1 |
| | 7.4.2 | Rassisme √ | 1 |
| | 7.4.3 | Ma ignoreer die pas wat Johanna moet dra met vaagheid./<br>Iris verwys spottend na Suid-Afrikaners as rassiste./<br>Johanna waarsku Iris teen die Negers in die VSA./<br>Iris se gesin het geen vooroordeel teen anderskleuriges nie./<br>Iris is nie bang om saam met Billy te ry nie./<br>Billy, ’n nie-blanke, is die eerste persoon wat werklik na Iris luister. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE voorbeelde uit die roman aan.* | 2 |
| 7.5 | (Hiper) prakties √<br><br>Ja, toe sy ’n drieling verwag, het sy haar praktiese ingesteldheid effe verslap./ Haar huis was later ook deurmekaar. √<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN motivering uit die roman aan.* | | 1<br><br>1 |
| 7.6 | Hannes sê wat moontlik tot ’n probleem in Kara en Claude se verhouding kan lei, maar hy knoop self later ’n buite-egtelike/onbehoorlike verhouding met ’n student aan. / veroorsaak ook probleme in sy eie huwelik. √<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die ironie noem vir EEN punt.* | | 1 |
| 7.7 | 7.7.1 | Iris is baie jonger as haar twee susters. √ | 1 |
| | 7.7.2 | Iris se ma beskou haar by geboorte al as anders./<br>Iris se ma is by haar geboorte onseker of sy haar hoor skree het./<br>Iris voel dat niemand in die gesin na haar luister nie./<br>Iris hoor sy was eintlik ’n glips./<br>Iris het nie soos haar susters ’n familienaam nie./<br>Iris voel soos die Aspoestertjie in haar gesin./<br>Iris se pa was nie by toe sy gebore is nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE voorbeelde uit die roman aan.* | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.8 | Vermont / Iris en Peter se slaapkamer in die houthuis in Vermont. √ | | 1 |
| 7.9 | 7.9.1 | Die fiktiewe Peter bied aan Iris die moontlikheid om van die werklikheid te ontsnap./help Iris om deur fantasie vraagstukke vir haarself uit te werk./laat Iris dinge doen wat sy nog nie in die werklike lewe gedoen het nie. √ | 1 |
| | 7.9.2 | Die werklike Peter bied aan Iris die moontlikheid om van haar fantasiewêreld afstand te doen en die werklikheid te geniet./ Anker Iris se werklikheid vir haar./laat Iris besef dat daar nie slegs een groot blomoomblik in die lewe hoef te wees nie. √<br><br>Dit is Peter se teenwoordigheid in Iris se lewe wat haar laat besef dat die lekker van die hier en die nou nie durf ignoreer word nie./Peter laat Iris afstand doen van haar hunkering na een groot droomoomblik deur met haar te trou. √ | 1<br><br>1 |
| 7.10 | Ek sou hom by die realiteit plaas, want hy beskerm Iris./sy kan met hom praat./sy kan hom sien./sy sê vir haarself is hy die werklikheid.<br><br>**OF**<br><br>Ek sou hom by haar verbeeldingsvlugte/fantasie plaas, want die motto sê reeds dat 'n mens baie dinge in die roman met 'n knippie sout moet neem. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke motivering vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 7.11 | 7.11.1 | Die motto help dat die leser die humor in die onderstreepte gedeelte raaksien. / dat die leser besef om nie alles ernstig op te neem nie. √ | 1 |
| | 7.11.2 | Beskermengel/Geselsgenoot/Raadgewer/Gee Irisse selfvertroue 'n hupstoot/ Tree as Iris se gewete op/Hy help haar om tot belangrike insigte te kom. √ | 1 |
| | 7.11.3 | Die Engel het Iris gehelp om nou aan die werklikheid te dink/in die werklikheid te leef. √ | 1 |
| 7.12 | Die Engel se hand √<br><br>Die Engel het Iris kom roep omdat Bettie siek is./kwansuis gif gedrink het. √ | | 1<br><br>1 |
| | | | **[25]** |

***MANAKA PLEK VAN HORINGS* – PIETER PIETERSE**

## VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dit is ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Ouma Essie dwing oral respek af vanweë haar uitgesproke getuienis as Christen**, want sy het selfs op Riekert, die diamantsmokkelaar, ŉ invloed./Bv. bl. 133: "*As daar nou een swarte is wat reguit hemel toe sal gaan, is dit sy.*"
- **Ouma Essie se integriteit en vreeslose vashou aan wat reg is, maak dat mense haar gehoorsaam**, want sy oortuig mnr. Kebbey om Baas gratis na die hospitaal te vervoer./ oortuig selfs vir Baas om die sendelinge te help om ŉ blyplek by die kerk in te rig./Bv. bl. 47: "*Toe! Loop nou na jou huis toe en gaan haal die sleutels.*"/Bl. 118: *Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om ŉ dak oor julle koppe te kry."*/Bl. 118: *"Tot daar weer ŉ kerkgebou is, sal hierdie boom die kerk wees.*
- **Ouma Essie glo dat ŉ Christen aan sy dade geken word**, daarom verskaf sy huisvesting aan ŉ wildvreemde man wie se voertuig gebreek het./daarom kan sy met oortuiging praat van Baas as Christen op grond van sy dade./ Bv. bl. 74: ''*Daar het al op ŉ tyd ŉ wit mens by ons geslaap. Hy het ŉ week daar gebly.*''/Bl. 74: *"Daar is ook plek in my huis, muluti. Tibelelo se hut staan leeg."* Bl. 43: *"Sy is ook die een wat gesê het sy weet meneer Baas is ŉ Christen."*
- **Ouma Essie stel deurgaans die voorbeeld van wat eg/ goed/ aanvaarbaar/ korrek is,** want sy duld nie dat die khuta Grace inloop nie./vir Baas finansieel uitroei nie./volhard met verkeerde gebruike nie./ Bv. bl. 165: "*Die mens met wie daar gepraat moet word oor die salaris van die sendelinge se tolk, is nie Tibelelo nie*."/ Bl. 167: *"..., dan is dit tyd dat die mense van hierdie hele stam vra hoekom die vergadering nie meer met ŉ gebed oopgemaak word ...*"/Bl. 166: "*En het iemand al gevra hoekom is daar hier rond nou skielik mense met die kerk se sinkplate op hulle huise se dakke?*"/Bl. 170: *"Daarom is dit ŉ goeie ding dat julle die man wat wit is, weggejaag het met julle gierigheid."*/Bl. 170: *"Ek sal aanhou praat in die taal wat hierdie vrou wat wit is, kan verstaan, want wat julle oor die man wat wit is, besluit, is ook julle besluit oor die sendelinge."*
- **Ouma Essie gee betekenis aan die teenwoordigheid van die sendelinge**, want sy sorg vir die sendelinge as sy die werk aan die sendingstasie organiseer en vir almal take gee./ Bv. bl. 118: "Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om ŉ dak oor julle koppe te kry."/Bl. 119: "Die meubels wat nog op die lorrie is, kan nou by die kerk afgelaai word."

- **Sy staan op vir die Here/staan by haar Christelike beginsels/skroom nie om mense wat die pad byster raak, aan te spreek nie** omdat sy die khuta oor hul afdwaling van die godsdiens berispe./sy die khuta aanval omdat hulle die kerk se eiendom steel./Bv. bl. 167: "..., dan is dit tyd dat die mense van hierdie hele stam vra hoekom die vergadering nie meer met ŉ gebed oopgemaak word ..."/Bl. 166: "En het iemand al gevra hoekom is daar hier rond nou skielik mense met die kerk se sinkplate op hulle huise se dakke?"
- **Ouma Essie bewaar die geloof op Manaka** omdat sy ŉ oortuigde Christen is./glo sy moet haar oorlede man se werk voortsit./glo dat elke ding met ŉ doel gebeur./dit deur God so beskik word./ Bv. bl. 71: "*Die bril en die kierie en die Woord. En die skape wat die Here my gegee het om op te pas*."/Bl. 77: *"Jy wat uit ŉ geslag kom van mense wat in die Here glo! Het jy gedink Satang los jou sommerso as jy eers jou hand vir hom gegee het?"*/Bl. 116: "*Die enigste pa en ma wat ek ooit geken het, was wit mense. Dit was eerwaarde Phil Kruger en mevrou Bessie.*"/Bl. 210: *In Whitey se Bybel lees hy die tekste wat ouma Essie vir hom gegee het toe sy hom kom roep het ./* Bl. 203: *"Dis nie ons wat jou pla nie ... Dit is die Here, jongman," sê sy ...*
- **Ouma Essie is die Profeet van die Bybel wat haar beywer vir die uitbreiding van geloof op Manaka,** want die Induna is dood./Bv. bl. 71 "*Die bril en die kierie en die Woord. En die skape wat die Here my gegee het om op te pas*."/Bl. 71*:* "*Dis ŉ Woord wat lyk of hy al deur diep waters gegaan het, ouma Essie."*
- **Ouma Essie aanvaar die verantwoordelikheid vir die voortsetting/uitbreiding van geloof op Manaka/herstel van die sendingstasie,** want sy is ŉ oortuigde Christen vanweë haar kinderjare by eerwaarde Phil Kruger-hulle./haar studie en opleiding./Bv. bl. 70*: "Julle kan maar huil," sê sy. "Ek het ook gehuil oor ons kerk."*/Bl. 116: *"..., het hulle dit reggekry om my by die Bybelkollege op Witsieshoek in te skryf. Ek was die eerste swart meisie wat ooit daar toegelaat is."*
- **Ouma Essie begin met die herstelwerk van die sendingstasie** omdat sy God se woord wil versprei./want die herstel van die sendingstasie is vir haar ŉ prioriteit./want sy glo dat Baas met ŉ doel na Manaka gestuur is./Bv. bl. 43: *"My ouma Essie is die een wat die mense die Profeet van die Bybel noem. Sy is ook die een wat gesê het sy weet meneer Baas is ŉ Christen.*"/Bl. 105: *"Dit is om kos te gee vir die baie mense wat die Here na jou toe gestuur het."*/Bl.118: "*Tot daar weer* ŉ *kerkgebou is, sal hierdie boom die kerk wees ..."*/Bl. 112: *"Daar was altyd bankies onder die worsboom*."
- **Op Manaka voer ouma Essie, as Christen, die stryd teen die bose/die ongeloof/die tradisionele bygeloof/die plaaslike bevolking se geloof in die toordokter,** want sy verdryf meneer Chisupo./sy berispe mnr. Kebbey wat aan Chisupo onderdanig is./Bv. bl. 77: *"Jy wat uit ŉ geslag kom van mense wat in die Here glo! Het jy gedink Satang los jou sommerso as jy eers jou hand vir hom gegee het? Het jou gierigheid jou nou al so ver gevat dat jy vir ŉ mal man bang moet wees?*"/Bl. 148: *Sy klap sy hand weg en wys vir hom ook vinger*./Bl. 149: *"Hy is nie van die Here nie. Hy hoort nie hier nie*."
- **Ouma Essie se onwrikbare geloof in Baas as ŉ gestuurde/geestelike leier ontketen by Baas (die hoofkarakter) innerlike konflik oor wat Christenskap se aard en wese is,** want sy skroom nie om vir Baas te sê dat hy met ŉ doel na Manaka gestuur is nie./Bv. bl. 202: *"Ek wil weet of jy in hierdie Boek glo, jongman."*/Bl. 203: "*Dis nie ons wat jou pla nie. Ke Modimo, leogana. Dit is die Here, jongman."*/Bl. 203: *Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle gee om te droom, het sy daardie dag gesê.*

- **Ouma Essie tree as tussenganger tussen Baas en die sendelinge/die khuta op** omdat die uitdra van die Woord op Manaka vir haar lewensbelangrik is./want sy glo dat Baas na Manaka gestuur is om die sendingwerk voort te sit./Bv. bl. 170: "*Sonder meneer Baas sal hulle nie in Barotseland kan bly nie." /B*l. 118: "*En hoekom sal die Here nou sy hand wegvat net oor iets wat tussen mense gebeur?"*
- **Ouma Essie help die hoofkarakter in sy soeke na antwoorde m.b.t. sy godsdiensstryd,** want sy verskaf die antwoorde./wys hom op bepaalde plekke in die Bybel wat hy moet lees./sien sy innerlike worsteling raak en tree met liefde en empatie op om hom te help./Bv. bl. 202: *"Jou reg om 'n Christen te wees, maak van jou 'n Christen. Weet jy dit dan nie?"*/Bl. 202: *"Jy kan mos lees. Romeine 10 vers 20."/*Bl. 202: *"Het jy 'n Bybel?'"*
- **Ouma Essie glo in die toekoms van Manaka onder Baas se geestelike sorg/weet dat Baas gaan aanbly as die nuwe geestelike leier,** want sy bring vir hom 'n nuwe hondjie nadat sy hond dood is./weet dat hy op Manaka gaan bly./Bv. bl. 234: *"Die duiwel het sy eie vuur gemaak," sê ouma Essie vir die kruis op die graf. "Ons sal sy as saam met die as van die brand met 'n besem van skoon takke wegvee voor ons weer begin bou."*/Bl. 239: *"Dit is 'n hond wat ouma Essie gister al vir jou gestuur het," sê Grace ...*
- **By haar siekbed gee Ouma Essie aan Baas die geleentheid om sy geestelike groei ten toon te stel/sy keuse vir 'n lewe in die voetspore van sy oupagrootjie met die daad te bewys,** want by haar siekbed bid hy in die openbaar./neem hy die rol van die geestelike leier in./suggereer hy dat die kerk se herstel deur hom gedoen gaan word./Bv. bl. 243: *"Dankie, Here. Amen." sê Baas.*/Bl. 244: *"Die deure en die vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas.*

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot. **[25]**

## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | | Antwoord | Punt |
|---|---|---|---|
| 9.1 | | Hulle voel baie onwelkom op Manaka./Baas maak dit duidelik dat hy hulle nie daar wil hê nie./<br>Baas en Grace het ŉ woordewisseling./uiterlike konflik./<br>Baas struikel oor die hoop hout en kan nie self opstaan nie./maar weier dat hulle hom help. √√ | 2 |
| 9.2 | | Baas doen van nature goed aan ander mense./tree van nature met respek teenoor ander op./is inherent ŉ Christen. √ | 1 |
| 9.3 | | Ja<br>Sy is ŉ oortuigde Christen./leef haar Christelike godsdiens uit./<br>Haar dade bevestig haar geloof./bewys dat sy omgee vir ander in nood./is ŉ bewys dat sy volgens die Ubuntu-beginsel van naastediens leef. √<br><br>**EN**<br><br>Grace moet ŉ ekstra inkomste genereer omdat daar groot armoede en ellende heers./daar baie mense is wat honger ly./sy ŉ opgeleide verpleegster is wat ŉ bydrae kan lewer./geld kan verdien. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.4 | 9.4.1 | Baas is geweldig ontsteld oor haar versoek m.b.t. ŉ werk./wil haar nie help nie. √<br><br>Hy wil nie die sendelinge op Manaka hê nie. √ | 1<br><br>1 |
| | 9.4.2 | Baas weet dat Grace eintlik die waarheid praat./Hy is nog baie siek a.g.v. die malaria./die nagevolge van die hospitaalbehandeling/ medikasie./het nie krag vir baklei nie./<br>Haar verwysing na die man wat Manaka begin het, prikkel sy nuuskierigheid./<br>Hy wil nie weer ŉ gedoente maak sodat Nanna en oom Scholtzie naderkom nie. √ | 1 |
| 9.5 | | Ja<br>Sy help hom in sy siek toestand om regop te kom./sy maak vir hom ŉ belt/lyf-band/gordel sodat sy broek nie afval nie./sy neem die goed wat vir hom belangrik/waardevol is (soos die foto) in ag. √ | 1 |
| 9.6 | | Die lyfband wat ouma Essie vir hom gebring het./muluti Joseph se lyfband √ | 1 |
| 9.7 | 9.7.1 | Dis sy oupagrootjie./Hy is die *ou man*/*sendeling* se agterkleinseun. √ | 1 |
| | 9.7.2 | Hy wil graag soos dit die *ou man* se droom was, ŉ boot op die Zambezi kry (om toeriste te vervoer), maar hy het nie meer geld om dit te doen nie./hy moes al sy geld op welsynswerk uitgee. √<br>Hy bevind hom op die *sendeling* se sendingstasie, maar hy wil niks met godsdiens/Christenskap te make hê nie./ontken dat hy ŉ Christen is./wil nie eers die sendelinge daar ontvang nie. √ | 2 |
| 9.8 | | Grace √ | 1 |
| 9.9 | | Innerlike konflik √<br><br>Baas het oorgegee./die weddenskap verloor om die skoenlapper te vang. √ | 1<br><br>1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9.10 | Die verteller is objektief in sy beskrywing van Baas se gelate aanvaarding van die einde van sy droom. √<br><br>Die verteller dra inligting oor/beskryf wat op verskillende plekke gebeur (onder die Land Rover sowel as in die hoofpad)./is gelyktydig op verskillende plekke teenwoordig. √ | | 1<br><br>1 |
| 9.11 | 9.11.1 | Chisupo √ | 1 |
| | 9.11.2 | Whitey kom haal vir Sitali om die boot te gaan soek./laat Sitali in ʼn boom klim om te kyk waar die boot is. √ | 1 |
| | 9.11.3 | Ja<br>Whitey het kort voor hierdie gebeure agtergekom dat hy en Baas agterkleinneefs is./dieselfde oupagrootjie het./familie is./<br>Omgee vir ander loop in die Chipmans se bloed en dis wat Whitey hier bewys. √ | 1 |
| 9.12 | 9.12.1 | Hy skryf sy naam in die boomstam onder sy oupagrootjie se naam./herstel die bankies./sendingstasie. √<br><br>Hy kap Morena se kop/horings teen die naambord vas. √ | 1<br><br>1 |
| | 9.12.2 | Grace √ (*Leerders kan enige gepaste karakter kies)* | 1 |
| | 9.12.3 | Nadat Baas besluit het om weg te gaan/hy (vir sy oupagrootjie) gesê het: "Jy wen, Baas Dennis," sê Grace vir hom die ou man sê R5 is te min vir sy drome./<br>Grace beïnvloed hom om te bly./herinner hom aan sy drome om in sy oupagrootjie se voetspore te volg. √<br><br>*Die kandidaat gee sy/haar eie motivering vir enige een van die karakters wat hy/sy kies.* | 1 |
| | | | **[25]** |

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf ŉ gepaste inleiding.

- **George Lewis en Ruth se liefde strek oor rasse- en klassegrense**. George is ŉ Engelsman terwyl Ruth ŉ Tswana-meisie is./Bv. bl. 12: I don't see her blackness, you know.
- **George Lewis en Ruth se liefde strek oor die grense van geletterdheid**, want Ruth se ongeletterdheid staan nie in die pad van George, ŉ geletterde man, se liefde nie./Bv. bl. 19: Ek en George het die papiere geteken en Ruth en haar oom het elkeen ŉ kruisie gemaak.
- **George se liefde vir Ruth strek oor kultuurgrense heen,** want hy is lief genoeg vir Ruth om volgens haar tradisie bogadie vir haar te betaal om met haar te trou./Bv. bl. 18: Hy was ŉ gelukkige man toe hy die naweek voor die troue van die tweeperdkarretjie afklim met die ekstra groot driebeenpot en twee twintig-gelling-dromme vir die pap
- **George en Chai se vriendskap verteenwoordig liefde/omgee oor rasgrense**, want Chai is ŉ Afrikaanssprekende bruinman en George Lewis is ŉ Brit./Bv. bl. 12: *Toe sit hy sy hand op my knie en sê: Charlie, you are the only friend I have.*
- George neem Chai, sy vriend, in sy vertroue as hy hom van **sy liefde vir Ruth wat oor rasgrense heen strek,** vertel./Bv. bl. 11: Die Corporal het vertel dat hy ŉ meisie in Vryburg ontmoet het. Ruth was haar naam.
- **George en Chai se vriendskap/omgee vir sy vriend se welstand strek oor rasgrense heen** as George daarvoor sorg dat Chai drie maande langer betaal word as wat hy gewerk het./Bv. bl. 14: Die Corporal, het oom Chai verder vir Ta Vuurmaak vertel, het gesorg dat ek drie maande langer betaal word as wat ek gewerk het omdat ek sy enigste vriend was.
- **George help sy vriend Chai, een van die Cape Boys**, om werk by die dorpsraad te kry toe die oorlog verby is./Bv. bl. 16: Nou laat ons skoonmaak en jou army-captain gaan sien, het ek gesê. Ons moet werk hê want ons moet leef.
- **George se goeie vriendskapsverhouding met Chai word voortgesit** wanneer hy hom ondersteun en help om ŉ erf vir Vatmaar se Sendingkerk te kry./Bv. bl. 31: Jy weet George, Vatmaar het nie ŉ erf uitgesit vir ŉ kerkgebou nie. Nou vra ek jou mooi om met daardie company-commander van jou te gaan praat.
- **George en Chai se vriendskap is baie heg, al is hulle van verskillende rasse**, want Chai hou die begrafnisdiens vir Ruth en hy is die enigste een wat vir George kan troos./Bv. bl. 42: Hulle het mekaar omhels soos net tweelinge kan./Bl. 42: Oom Flip het met ŉ stadige skud van sy kop gesê: Die liefde ken nie grense nie.

- **Chai se omgee/respek strek oor rasgrense**, daarom sê hy die Cape Boys aan om ŉ graf vir die ouma wat doodgebrand het te laat grawe. Hy bid ook vir haar./Bv. bl. 8: Sy het die ou vrou ingerol en die Onse Vader opgesê. Chai het dit saam met haar gesê.
- **Oom Chai ervaar liefde vir sy medemens**, want hy raak ontsteld oor die afbrand van die boere se huise./hy sê vir Corporal Lewies dat hy nie meer boere se plase wil afbrand nie./Bv. bl. 9: Ek weet nie wanneer Chai en die Corporal besluit het om die Queen se orders te verander soos dit hulle pas nie.
- **Al is daar ŉ groot ouderdomsverskil tussen Oom Chai en Bettie, gee hy vir sy familie se eer om**/is daarom bereid om met Bettie te trou om sy familie se eer en Bettie se eer te red./Bv. bl. 273: Later het ons gehoor die kind se pa is een van oom Steven se seuns, ŉ getroude man met kinders.
- **Oom Chai probeer goed vir Bettie wees, al was hy aanvanklik nie lief vir haar nie** en maak die kind soos sy eie groot./Bv. bl. 281: Oom Chai het teen die tyd geglo hy het Bettie lief en aan klein Job as sy eie gedink.
- **Kenneth Kleinhans is ŉ gekwalifiseerde bruin ambagsman van Graaff-Reinet** en Kaaitjie Müller ŉ ongeletterde, armoedige bastermeisie wat lief vir mekaar geraak het./Bv. bl. 224: My Kenny, was al wat sy in haar gedagtes gehad het. My Kenny. Partykeer het sy die naam hardop gesê sonder om na te dink.
- **Kenny is lief vir Kaaitjie oor klasgrense heen**; Kenny het matriek voltooi, terwyl Kaaitjie nie kon lees en skryf nie./nog nooit met ŉ mes en vurk geëet het nie./Bv. bl. 153: En nou Kaaitjie – sy's nie geleerd soos hulle nie, maar sy ken die wêreld.
- **Kenneth besluit om Kaaitjie te aanvaar ten spyte daarvan dat haar ma ŉ dief is.** Hy probeer vir Tant Wonnie borg reël deur die prokureurs se telefoonnommers te kry en hul die volgende dag te skakel.
- **Die dood is nie die grens vir die liefde wat Kenneth vir Kaaitjie het** nie, hy is hartgebroke na Kaaitjie se dood./beywer hom vir die totstandkoming van die kliniek om Kaaitjie se nagedagtenis lewendig te hou./Bv. bl. 298: Om die herinnering aan my geliefde lewensdag te hou, wil ek graag ŉ kliniek as nagedagtenis aan haar bou.
- **Chetty, ŉ winkelier, neem die brandarm Free-da sonder enige besittings in** nadat sy van haar omstandighede ontvlug./Bv. bl. 23: Haar ma Free-da het haar stat in die tyd van die groot droogte verlaat. Sy was wees en het by mense gebly wat haar op die landerye laat werk het./Bl. 24: Sy liefde vir Ma Koelie het nooit oud geword nie en Vatmaar het dit geweet.
- **Free-da en Chetty is ten spyte van hul rasverskille lief vir mekaar./**Bv. bl. 23: Die mense van Vatmaar het gesê sy het haar man lief met die liefde waaroor daar in die Bybel geskryf staan.
- **Die tema van liefde sonder grense hou die Septembers uit die tronk**. Settie lê valslik ŉ klag van diefstal teen Tant Wonnie. Tant Wonnie verset haar nie en gaan gedweë saam met die konstabel./Settie vertel onwaarhede oor Tant Wonnie. As Tant Wonnie se liefde grense gehad het, kon sy Settie laat opsluit het vir hierdie onwaarhede, maar sy lewer geen kommentaar hierop nie./Bv. bl. 143: Sy't haar madam se goue ring in Vatmaar gesteel, sarge.
- **Tant Wonnie hoor dat Johnny die ring gesteel het, maar omdat haar liefde oor grense strek**, kla sy hom nie aan nie./Bl. 188: So hý is die dief wat die trouring gesteel en verkoop het.

- Die Septembers sou die hele pad vanaf Du Toitspan na Vatmaar moes stap. **Tant Wonnie se liefde strek egter oor grense van naasteliefde wanneer sy die Septembers se sjieling vir die rit op die kapkar betaal** al betoon die Septembers nie naasteliefde teenoor haar nie./Bv. bl. 189: Hier is ’n sjieling, Mineer Jones, sê sy. Laat hulle opklim.
- Die Septembers se dors word geles. **Tant Wonnie deel haar gemmerbier met die mense wat haar byna in die tronk laat beland het**. Dit is beslis naasteliefde sonder grense, Tant Wonnie tree menslik teenoor die Septembers op terwyl hulle nie so teenoor haar opgetree het nie./Bv. bl. 189: Gee die gemmerbier, sê Tant Wonnie vir Suzan.
- **Miesies Wingrove se liefde vir haar (arm) medemens strek so ver dat sy die huis aan Tant Wonnie** verkoop vir dieselfde prys as waarvoor sy dit gekoop het. Miesies Wingrove weet dat Tant Wonnie nie kan bekostig om meer te betaal nie./Bv. bl. 239: *Hier is die koopbrief wat ek graag prokureur toe wil vat, Won, en ons hou dit op twintig pond.*
- **Miesies Wingrove weet hoe swaar Tant Wonnie kry** en sy besluit om die stoof in die huis te laat bly wat haar liefde bewys. Dit sluit aan by die tema van naasteliefde teenoor iemand wat swaarkry./Bv. bl. 240: *nou is ons kwiets, Won*
- **Ma Khumalo en haar twee aanneemkinders se verhoudinge verteenwoordig liefde wat oor die grense van ras en geloof strek.** Sy is ’n Tswana-weduwee terwyl Borman van der Westhuizen 'n blanke seun en Mariam Mohamed ’n Moslemmeisie is./Bv. bl. 199: *Hy het haar uit sy hart uit Ma genoem, want hy het geweet sy het die plek van sy oorlede moeder ingeneem.*
- **Ma Khumalo leef moederliefde uit** as sy alles wat sy het met Norman, wat nie haar biologiese kind is nie, deel./Bv. bl. 199: *Hy het haar uit sy hart uit Ma genoem, want hy het geweet sy het die plek van sy oorlede moeder ingeneem.*
- **Ma Khumalo se optrede teenoor Norman sluit aan by die tema van liefde wat nie grense het nie,** want sy het gesê Norman is wit en sy is swart – en saam maak hulle *Coloured*./Bv. bl. 203: *Hy Norman is wit en ek swart, ons maak Coloured.*
- **Ma Khumalo tree in onbaatsugtige liefde op as sy vir die vreemdeling Mariam Mohamed ’n heenkome bied** as Mariam deur haar ouers weggejaag word omdat sy swanger is./Bv. bl. 222: *Jy weet Tant Wonnie, hierdie ou swartvrou het dit alles vir my gedoen sonder om ooit te vra wat gebeur het of wat my naam is.*

Die kandidaat verskaf ’n gepaste slot. **[25]**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 11.1 | 11.1.1 | Eerstepersoonsverteller/Ek-verteller √ | 1 |
| | 11.1.2 | Die eerstepersoonsverteller/ek-verteller/Ta Vuurmaak vertel dit uit sy eie oogpunt./is subjektief in sy vertelling./Die jong seuns kan net oorvertel wat (Ta Vuurmaak) aan hulle vertel. √ | 1 |
| | 11.1.3 | sy waarheid √ | 1 |
| 11.2 | Ta Vuurmaak gee aan Vatmaar sy naam./is die eerste/oudste inwoner in Vatmaar. √ | | 1 |
| 11.3. | 11.3.1 | Oom Chai √ | 1 |
| | 11.3.2 | Oom Chai neem gesteelde goedere van die plase wat vir latere gebruik in Vatmaar versteek word./<br>Alhoewel Ta Vuurmaak die goedere oppas, word dit nie met hom gedeel nie. √ | 1 |
| | 11.3.3 | Ta Vuurmaak dra nog verbande om sy been (al is die vleiswond genees) as hy nie lus is om sy deel as een van die *Cape-Boy*/tydens die oorlog te doen nie. √ | 1 |
| 11.4. | 11.4.1 | Uiterlike konflik / Innerlike konflik √ | 1 |
| | 11.4.2 | *Indien **Uiterlike konflik** by VRAAG 11.4.1 gegee is:*<br>Oom Chai haat vir Boytjie Afrika wat te veel aandag aan Bettie gee./Oom Chai jaag vir Boytjie uit sy huis. √<br><br>**OF**<br><br>*Indien **Innerlike konflik** by VRAAG 11.4.1 gegee is:*<br>Oom Chai kan nie meer by Bettie se jongmenslewe byhou nie, al wil hy./is spyt dat hy nie van Bettie verwag het om by sy lewe in te skakel nie. √ | 1 |
| 11.4 | 11.4.3 | Ja<br>Oom Chai beskerm sy familie se goeie naam./<br>Oom Chai wil graag vir oom Steven wys dat hy wat Chai is, tot die familie se redding kan kom./<br>Oom Chai is eensaam, ’n vrou kan sy eensaamheid verlig./<br>Oom Chai het nie eie erfgename nie. √√<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Sy kleinneef behoort die verantwoordelikheid van sy dade te dra. / Dis nie regverdig dat Oom Chai sy eie geluk vir familie opoffer nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied sy eie TWEE redes binne konteks van die roman vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.5 | Tydens die oorlog √ | | 1 |
| 11.6 | 11.6.1 | Die Vatmaar-gemeenskap se versoek vir grond (om ’n kerk in Vatmaar te bou), is afgekeur. √ | 1 |
| | 11.6.2 | Vatmaar se inwoners kan die kerk in Du Toitspan bywoon. √ | 1 |

Kopiereg voorbehou 

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 11.6.3 | Nee<br>Die gemeenskap het geld kollekteer om die hoekerf te koop./Hulle het dit nie net gevat omdat dit in onbruik is nie. √<br><br>*Die kandidaat kan nie Ja as antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 11.7 | Elsa is die onderwyseres./hou skool vir die kinders van Vatmaar. √<br><br>Oom Chai sorg dat Elsa op Vatmaar as onderwyseres aangestel word./stel die sendingkerk tot beskikking van die skool. √ | | 1<br><br>1 |
| 11.8 | 11.8.1 | Tant Wonnie is trots/ hardwerkend. √ | 1 |
| | 11.8.2 | Tant Wonnie werk hard as sy ander mense se wasgoed vir ŉ inkomste was.<br>Tant Wonnie is te trots om haar geld by diegene te gaan haal wat haar nie betaal nie (want sy is nie ŉ bedelaar nie.) √√<br><br>*Die kandidaat bied soortgelyke TWEE voorbeelde uit die roman vir EEN punt ELK aan waar dieselfde eienskap getoon word.* | 2 |
| 11.9 | *Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord aan, bv.*<br><br>Ja<br>Tant Wonnie is een van Vatmaar se oudste inwoners./kweek trots./ samehorigheid by die inwoners./<br>Oom Chai as gerespekteerde inwoner noem haar só. √<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Tant Wonnie word nie deur die mense van Vatmaar respekteer nie. √ | | 1 |
| 11.10. | 11.10.1 | Die mense van Vatmaar is nêrens anders/in Du Toitspan welkom as inwoners nie. √ | 1 |
| | 11.10.2 | Tant Wonnie / Freeda / Mary Mohamed √ | 1 |
| | 11.10.3 | Tant Wonnie word, as gevolg van haar Duitse bloed, nie in die wit gemeenskap opgeneem nie; sy vind blyplek in Vatmaar.<br><br>**OF**<br><br>Free-da word nie deel van die Indiërgemeenskap nie omdat sy swart is/al is sy met Chetty getroud, woon sy saam met Chetty in Vatmaar.<br><br>**OF**<br><br>Mary word deur Ma Khumalo aangeneem nadat haar eie mense nie plek vir haar het nie/haar wegjaag, sy word deur Ma Khumalo in Vatmaar aanvaar. √<br><br>*Die kandidaat bied rede na aanleiding van vrouekarakter gekies in VRAAG 11.10.2.* | 1 |
| | 11.10.4 | Dit is Corporal Lewis wat nie tuis voel om by sy eie of by Ruth se mense te bly nie./se keuse om op Vatmaar saam met Ruth te bly. √ | 1 |
| | | | **[25]** |

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- Greg se omstandighede tuis is nie ideaal nie. Weens die swak verhouding tussen sy ma en pa, raak Greg die een wat dan sy ma se welstand op die hart dra. Dit lei daartoe dat hy iemand word wat omgee. (**omstandighede**).
- Hierdie omgee sien ons duidelik in sy obsessiewe soektog na Eckardt. Dit lei daartoe dat hy lynreg teen die versoek van die skool ŉ e-pos aan Turretmedia skryf (**oortreding**). Hy daag ook die skoolhoof uit deur nie rugby te speel tot die skool iets aan Eckdardt se verdwyning doen nie. (**oortreding**) Die res van die span volg nie sy voorbeeld nie en Greg begin twyfel aan sy leierskapposisie. Die gevoel om ŉ 'loser' te wees, gee aanleiding tot sy betrokkenheid by kuberkraking (**oortreding**). Om Eckdardt te beskerm, jok hy vir die polisie. (**oortreding**)
- Sy pa word deur geld en mag gedryf. Dit veroorsaak dat hy baie druk op Greg plaas om te presteer. (**omstandighede**)
- Dit lei daartoe dat hy in opstand teen sy pa kom en al hoe minder werk, maar eerder by kuberkrakery betrokke word. Hy moet dan vir sy pa jok (**oortreding**) oor sy akademie. Dit veroorsaak ŉ groter kloof tussen hulle en maak dit vir Eckardt al hoe makliker om Greg te manipuleer.
- Sy broer John het selfdood gepleeg. Dit laat nie net ŉ vrees vir die dood by Greg nie, maar knou ook sy selfvertroue. (**omstandighede**)
- Die kuberlesse gee hom ŉ valse, rebelse selfvertroue. (**oortreding**) Hy hou dus vol met sy soektog, omdat hy glo hy kan. So kom hy dan af op sy pa en Dok Pienaar se misdaad. Die blootstelling hiervan ruk die hele Owen-gesin uitmekaar.
- Greg mis John. Dit skep vir Eckardt die geleentheid om Greg makliker te manipuleer. (**omstandighede**)
- Greg oortree verskeie kere: hy breek by die skool se rekenaarkamer in; hy pas sosiale manipulering op die sekretaresse toe en plaas RAT op Dok se rekenaar. (**oortreding**)
- Die hoofseunskap tesame met die kuberkraking ('hacking') raak net vir Greg te veel. (**omstandighede**)
- Greg begin sy pligte as hoofseun afskeep. Hy woon nie meer vergaderings by nie en skuif sy verantwoordelikhede op Kwanele af. (**oortreding**)

Die kandidaat verskaf ŉ gepaste slot. **[25]**

**OF**

## VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 13.1. | 13.1.1 | Die hoofstukke wat in die verlede afspeel, word aangedui deur Log File vooraan / Verwys na die beginnertoets vir Greg om te hack. √ | 1 |
| | 13.1.2 | Die leser wonder of Greg die toets gaan slaag./Greg gaan begin om te leer. √ | 1 |
| 13.2. | 13.2.1 | Net soos Zeus slaap, slaap Greg letterlik en figuurlik. √<br>**EN**<br>Eckardt is op ŉ wraaktog soos Herakles. √ | 1<br><br>1 |
| | 13.2.2 | Ja, net soos Herakles sy slapende pa, Zeus, se koninkryk tot ŉ val bring mediamaatskappy, bring Greg sy pa se koninkryk tot ŉ val. √<br><br>*Altwee kante van die saak moet gegee word.*<br>*NEE kan nie as antwoord aanvaar word nie.* | 1 |
| 13.3 | Greg moet nou preek vir die VRL oor hulle slegte dissipline, maar Greg se dissipline is swak. / Hy skeep sy pligte as hoofseun af en tree net op indien dit hom pas. √<br><br>*Altwee kante van die ironie moet gegee word.* | | 1 |
| 13.4. | 13.4.1 | Nee dit verskil nie, hy is net so rebels teenoor gesag, as wat Kwanele rebels is teenoor hom, Greg, as sy hoofseun. √<br><br>*NEE word nie as antwoord aanvaar nie.* | 1 |
| | 13.4.2 | Kwanele voel dat Greg nie sy werk as hoofleier doen nie./ Greg ervaar Kwanele se ongesproke kritiek en reageer skaam-kwaad daarop. √ | 1 |
| 13.5. | 13.5.1 | Dit verwys na Greg se hacker-naam wat hy moet uitdink. √ | 1 |
| | 13.5.2 | Eckardt het reeds ŉ hacker-naam. √ | 1 |
| | 13.5.3 | Tema van plaasvervangerskap / Tema van kuberbrakers√ | 1 |
| | 13.5.4 | Eckardt word ŉ plaasvervanger vir John, vir Greg. √/<br>Greg word ŉ plaasvervanger vir sy broer, vir sy pa/ma √/<br>Greg word ŉ plaasvervanger vir sy pa, om sy ma te beskerm. √/<br>Eckardt se wraak is ŉ plaasvervanger vir die pyn wat hy as kind moes verduur het. √/<br>Om sy sosoiale manipuleringsaanval suksesvol te voltooi, moet Eckardt sy ou lewe/identiteit vervang met ŉ nuwe lewe/identiteit. √/<br>Eckardt verander sy stemtoon, wanneer hy met sosiale manipulering besig is. √/<br>ŉ Kunstenaarskets vervang foto's van Eckardt. √/<br>Eckardt vervang sy skootrekenaar en los ŉ ander een in sy kamer wanneer hy verdwyn. √<br>Eckardt lei Greg na die onderwêreld van kuberkrakery. √<br><br>*Die kandidaat kan enige soortgelyke voorbeelde uit die roman aanbied.* | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13.6 | Dit speel af in die Hang-out van Greg se koshuis, net nadat Sersant Botha hom betrap het waar Greg besig is om te hack. √ | | 1 |
| 13.7. | 13.7.1 | Eerstepersoonsverteller / Ek-verteller √ | 1 |
| | 13.7.2 | **Voordeel**: Die leser ervaar die selfversekerheid van die Greg-karakter eerstehands./ Die leser ervaar die hele situasie uit die oë van Greg. √<br><br>**Nadeel**: Die leser weet nie wat Sersant Botha weet nie/ Die leser word saam met die hoofkarakter, (Greg), onverhoeds betrap en verras./Die leser sien nie die gevaartekens raak nie. √<br><br>*EEN punt vir Voordeel en EEN punt vir Nadeel.* | 1<br><br>1 |
| 13.8 | arrogant/ beterweterig/selfvoldaan/ selfversekerd/onverskrokke √<br><br>*Eienskappe kan ook omskryf word* | | 1 |
| 13.9 | (D) ŉ Rekenaarprogram wat registreer watter sleutels op ŉ rekenaartoetsbord gedruk word. √ | | 1 |
| 13.10 | 13.10.1 | Sosiale manipulering √ | 1 |
| | 13.10.2 | Ja, deur dit te doen, kon hy alles uitvind oor die Project Nursery Rhyme en wat Dok Pienaar besig was om te doen. √/<br>Ja, so het Greg die nodige inligting in die hande gekry om vele mense se lewens te red. √<br><br>**OF**<br><br>Nee, dit is oneerlik en teen die wet. √/<br>Nee, deur dit op die verkeerde manier te doen, is Greg net so skuldig aan onwettighede as Dok Pienaar en sy pa. √ | 1 |
| 13.11. | 13.11.1 | Reëls 20 en 21 √ | 1 |
| | 13.11.2 | Greg kom tot die insig dat iemand besig is om hom te hack. / Hy was nie so in beheer van die hacking nie. √ | 1 |
| 13.12. | 13.12.1 | Ja, in TEKS G is Greg vol selfvertroue, maar in TEKS H word hy gou deur Sersant Botha gewys dat hy nie so ŉ goeie hacker is nie. √<br><br>*Die kandidaat moet beide kante vir 1 punt aanbied.* | 1 |
| | 13.12.2 | Greg besef hy is in ŉ hoek en probeer ŉ ooreenkoms met die polisie maak/ Hy wil die inligting wat hy gehack het vir die polisie gee, maar wil dan nie in die moeilikheid kom nie. √<br><br>Die wat dink hy staan, sal val./ Moenie té verseker wees oor jou vermoëns nie./ Daar is altyd nog iets wat ŉ mens nuut kan leer./ Hacking is verkeerd en kan jou in groot moeilikheid bring./ Moenie die polisie of gesag oor jou ondermyn nie. √ | 1<br><br>1 |
| | | | **[25]** |

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS*** **– Adam Small**

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**LET WEL:**
**Voorgestelde kodes:**
Inwoners van Kaapse Vlaktes – **KV**
Cavernelis-Gesin – **CG**
Map Jacobs – **M**
Ontsnapping – **O**

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die inwoners van die Kaapse Vlaktes** kan nie hul ruimte en omstandighede ontsnap nie, want hul toekoms is uitsigloos omdat daar geen werksgeleenthede vir hulle is nie en misdaad is aan die orde van die dag.
- Die **Groepsgebiedwet het** bepaal dat verskillende gebiede in die stede en dorpe eksklusief aan verskillende rasse toegeken moes word en daarom is hulle ontwortel en na die Kaapse Vlakte verskuif. *"Yt Claremont en yt Woodstock yt ge-bulldoze … toe, Coloureds, yt, yt – gaan bly daar'so annerkant"*
- **Die gemeenskap is nie ontwikkel nie**, want die lot van die bruinmense is dikwels oor die hoof gesien. Vanweë hul sosio-ekonomiese omstandighede kan hul nie die township verlaat nie, want hulle het nie geld om in een van die beter woonbuurte te gaan woon nie. *"Jy't nou 'n opportunity gestrike om geld te maak, but the others? The Others? ... under the breadline man."*
- **Cavernelis het 'n strewe om van die Kaapse Vlakte te ontsnap**, want hy doen twee werke om genoeg geld te verdien sodat hy en sy gesin na 'n beter woonbuurt kan verhuis. *" Hy't net een ding op sy mind, soes 'n obsession, 'n obsession."*
- **Cavernelis** raak so obsessief om uit die Vlakte te ontsnap dat hy sy eie dogter laat misbruik sodat hulle genoeg geld kan bymekaar maak om nog vinniger van hul omstandighede te ontsnap.
- **Cavernelis** woon in 'n woonstel in 'n omgewing waar hulle vanweë die misdaad nie veilig voel nie. Hy sluit die fiets en ketting dit aan die traliewerk. Hy bieg teenoor La Guma dat hul in die township vasgevang is, want in die township leef hul in armoede en kan nie ontsnap nie. *"En hulle move nooit op nie! Lieweste onner toe! Kyk, jy word hierso gebore onder die die bread-line ... en vrek hierso onner die bread-line ..."*
- **Maud se woonstel is hul tronk aangesien** sy nooit uit die woonstel gaan nie, want sy bespied almal deur die vensters. *"Spy op 'n mens! Loer deur die gidyne!"*

- Toe **Maud** jonger was, wou sy ook waarskynlik uit die township ontsnap, want sy het nes Blanchie modelwerk gedoen wat nie uitgewerk het nie. *"Trust me. I've been through it all ..."*
- Die strewe van die **Cavernelisse** hou hulle geïsoleerd van die res van die gemeenskap, want Mister Cavernelis kom van die Boland/up-country. Hulle meng dus nie met die inwoners van die Kaapse Vlakte wat hul in 'n tronk van hul eie plaas. *"Betere mens kamma as ons!"*
- **Blanchie poog ook om uit haar omstandighede te ontsnap**, omdat sy modelwerk doen om ekstra geld te verdien. *"Beauty competitions, like vi' Blanchie ... En dan kry sy mos so-called contracts ... Modeling, like!"*
- **Map het vir Ivan Philander vermoor**, want dié het Klein Meisie verwurg nadat hy haar verkrag het. *"Klein Meisie het net daar gelê, maar sy was klaar dood gewurg. En toe sien ek oek 'it was vir Ivan Philander wat ek doodgeskiet het ..."*
- **Map Jacobus het verantwoordelikheid vir sy dade geneem,** want hy gee homself aan die polisie oor. *"Toe hou ek my hande yt, vi' die boetie ..."* Map gaan dus nou na 'n gevangenis toe waar hy vir sy daad moet boet.
- **Map is in 'n figuurlike tronk na sy vrylating op parool,** want die gemeenskap het hom nie vergewe/aanvaar nie. Hulle vertrou nie vir Map nie en gee hom ook nie sy plek in die Kerkorkes terug nie. Hy kan ook nie werk nie, want sy gevangenisskap tel teen hom. *"Hulle vat jou nie so nie! Hulle accept jou nie so nie!"*
- Die suggestie dat **Map**, 'n positiewe rol as gemeenskapsleier sal speel, lê in die slottoneel opgesluit, omdat Antie Grootmeisie hom vergewe het en sy vir die eerste keer na die traumatiese gebeure sy naam sê. *"Johnnie."*
- **Cavernelis het op 'n tragiese wyse uit die "tronk" ontsnap,** want hy het met sy fiets voor die trein ingery en sodoende 'n einde aan sy lewe gemaak. *"By die crossing, toe kom die trein ... toe stop ek, ek dink toe mister C gaan oek ...ek mien stop..."*
- **Blanchie en Maud bly op die Kaapse Vlakte in hul omstandighede vasgevang,** want hulle sal, na Cavernelis se dood, nie oor genoeg geld beskik om te kan verhuis nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**OF**

## VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 15.1. | 15.1.1 | Die aard wat Map onwetend toestemming gegee het dat sy ma en sussie verkrag is / sy sussie vermoor is / Die sussie is dood en Map het die man wat haar verkrag het doodgemaak. √<br><br>Richie is ook deel van die bende. √ | 1<br><br>1 |
| | 15.1.2 | Die gebeure speel af na die gedwonge verskuiwing van die mense uit Distrik Ses. / in die Apartheidsera. √<br><br>Die mense is verarm / werkloos / vasgevang in hulle omstandighede. / Dit ly tot bende-aktiwiteite en geweld. √<br><br>*Die kandidaat moet verwys na die maatskaplike EN die politieke milieu vir EEN punt elk.* | 1<br><br>1 |
| 15.2. | 15.2.1 | 'kerrim' √ | 1 |
| | 15.2.2 | Ja, die kerrimskyfies personifiseer die kinders wat deur hul ouers misbruik word./ die inwoners wat weerloos is en rondgeskuif word a.g.v Groepsgebiedwet. √ | 1 |
| | 15.2.3 | Die rondstoot van die kerrimskyfies kan die rondskuif van die bruin gemeenskap van plekke soos Distrik 6 tot op die Vlakte simboliseer. √ | 1 |
| 15.3. | 15.3.1 | toneelaanwysings / subteks / neweteks √ | 1 |
| | 15.3.2 | Die toneelaanwysing wys vir die akteur wat Maud speel, waar om haarself op die verhoog te plaas / en sy moet luister na die twee karakters onder in die straat. / Dit gee vir die regisseur riglyne oor waar hy die Maud-karakter moet plaas / Wys vir die leser hoe nuuskierig Maud is. √ | 1 |
| 15.4. | 15.4.1 | Maud praat net Engels. / Sy gebruik nie krutaal voor die ander mense in die township nie./ Sy hanteer Sondag as 'n heilige dag. √ | 1 |
| | 15.4.2 | Sy bly bo in haar woonstel. Maud hou haarself eenkant want sy wil nie behoort nie. / voel sy is beter as die ander mense in die township. √<br><br>*Enige soortgelyke stelling vir EEN punt elk.* | 1 |
| 15.5 | 15.5.1 | Blanchie beteken wit/ rein. √ | 1 |
| | 15.5.2 | Alhoewel haar naam 'wit' beteken, is haar velkleur bruin./ sy streef daarna om as wit gesien te word – kleredrag, houding, geselskap – maar sy is nog steeds bruin – al beteken haar naam wit./<br>Blanchie word 'n modelkontrak aangebied in Parys, waar hulle Frans praat, haar naam 'wit' beteken en velkleur nie tel nie, maar sy kry nie die modelkontrak nie en sy bly in Suid-Afrika, waar sy nog steeds bruin is/ Blanchie beteken wit, maar haar dade is nie wit/rein nie. √√<br><br>*Kandidaat moet beide kante van die ironie gee.* | 2 |

<table>
<tr><td>15.6</td><td colspan="2">Hy is ongeskik / voorbarig / uitgesproke / steek sy neus in ander se sake / kru / platvloers. √</td><td>1</td></tr>
<tr><td>15.7</td><td colspan="2">TEKS J is deel van die krisis-fase. √<br><br>Cavernelis word gekonfronteer met sy besluite rakende Blanchie / hy besef dat hy sy dogter tervergeefs laat werk het as ŉ prostituut/ hulle gaan nie uit die township kom nie. √</td><td>1<br><br>1</td></tr>
<tr><td>15.8</td><td colspan="2">Uiterlike konflik √<br><br>In TEKS I is die konflik tussen die Cavernelis-gesin (Maud) en die ander mense in die township. In TEKS J is die konflik egter in die Cavernelis-gesin self / Hulle wat heeltyd saamgestaan het teen die township en nou teen mekaar draai. √</td><td>1<br><br>1</td></tr>
<tr><td>15.9</td><td colspan="2">Ja, die dramatiese doelstelling is bereik – die emosionele en fisies ontploffing tussen Maud en Blanchie ruk die gehoor na die werklikheid √<br><br>NEE word nie as antwoord aanvaar nie.</td><td>1</td></tr>
<tr><td>15.10</td><td colspan="2">WAAR<br>Dit is as gevolg van Cavernelis se ontevredenheid en obsessie om weg te kom, dat Blanchie nie tevrede was met wat sy het nie./<br>Cavernelis het druk op Blanchie gesit om ekstra inkomste te verdien om uit die township te ontsnap en die modelkontrak sal hulle vryheid van die township beteken./ √<br><br>OF<br><br>ONWAAR<br>Dit was nie Cavernelis wat die modelkontrak gekanselleer het nie, dus kan hy nie die skuld kry nie./<br>Blanchie is oud genoeg om haar eie besluite te neem en sy moet self verantwoordelikheid vir haar aksies neem. √</td><td>1</td></tr>
<tr><td>15.11</td><td colspan="2">Die beletselteken verhoog die spanning. / Dui op emosionele uitbarsting.√</td><td>1</td></tr>
<tr><td>15.12.</td><td>15.12.1</td><td>Ja, die skrywer maak gebruik van Kaaps Afrikaans wat tipies van daardie area is /dit maak die toneelstuk/drama meer geloofwaardig. √</td><td>1</td></tr>
<tr><td></td><td>15.12.2</td><td>Protesteater √</td><td>1</td></tr>
<tr><td></td><td colspan="2"></td><td>[25]</td></tr>
</table>

***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Visuele binneruimte** dui duidelik die arm omstandighede waarin Meisie vasgevang is. Die huis is vervalle en verwaarloos.
- Die visuele binneruimte stel die kombuis van ŉ uiters armoedige huisie voor. En dis juis hier waar Meisie ŉ groot deel van haar dag vasgevang is.
- Meisie sit in die kombuis die grootste deel van die dag en missakke toewerk. Meisie smag na ŉ jongmenslewe, maar a.g.v. die misstank en vlieë kom geen jongmense kuier nie.
- Die agterdeur lei na vryheid, maar Miem hou dit gegrendel en laat Meisie ook nie alleen na buite gaan nie. Daar is in elk geval ook nog die hekkie van die omheinde werf wat haar binne hou.
- Die meubels en gordyne is karig en verslete.
- Die vlieë sit op alles en is ŉ aanduiding van hulle finansiële toestande.
- Die sakke wat Meisie besig is om te maak, dui op die finansiële vasgevangheid – hulle maak die sakke om mis daarin te verpak en dit te verkoop.
- Meisie se bevryding begin egter juis hier in die kombuis wanneer Miem Konstabel toelaat.
- **Die solder – buiteruimte**
- Die kapluik bo in die dak, dui op die vasgevangheid wat Meisie beleef, in die versorg van haar pa.
- Die slopemmer dui die vlak van armoede en agteruitgang en sy moet dit skoon maak, haar lewe is mislik.
- Gabriël in die solder boesem vrees in by Meisie as gevolg van sy krete en kreune.
- Gabriël se bly in die solder maak dat Meisie en Miem vasgevang is in finansiële probleme. Hulle swoeg en sweet om geld te verdien, omdat hulle hoof broodwinner in die dak sit.
- **Die sirkus – buiteruimte**
- Die sirkusmusiek – en liggies lok Meisie om te ontsnap van haar gevangenisskap.
- Die teenwoordigheid van die sirkus veroorsaak dat Miem vir Meisie verwyt oor die invloed van Meisie se ongehoorsaamheid op Miem se gesondheid. Daardeur probeer Miem ŉ houvas op Meisie verkry.
- Meisie loer deur die venster en probeer die musiek hoor, terwyl sy ook bang is daarvoor.
- Die sirkus maak dat ontsnapping nie ŉ vreemde idee is toe Konstabel verander in ŉ Hofnar en die plan wat hy voorstel nie vreemd is nie.

- **Die hofnar bevry Meisie,** want sy dans op maat van die sirkusmusiek by die agterdeur uit./
- Die sirkus beklemtoon die armoedige bestaan wat Miem-hulle voer aangesien die sirkus as die eksotiese in die drama voorgestel word.
- Die sirkus as simbool van die bose skep afwagting by die kyker/leser wat wonder watter negatiewe invloed die sirkus op die karakters gaan hê.
- Die sirkus veroorsaak konflik tussen Miem en Meisie, want Meisie kyk na die liggies terwyl Miem haar verbied het./
- Gertie se vertelling oor die sirkus laat haar vermoed dat die meisies elke keer verdwyn het wanneer die sirkus in die dorp is./
- Die onheil waarvan die sirkus die simbool is, veroorsaak dat Miem vir Konstabel in hul huis toelaat om hul te beskerm, onwetend dat hy Meisie gaan verlei, die bose is./
- Meisie voel vasgevang in haar omstandighede, sy mag nie die sirkus besoek nie en die sirkus word haar simbool van bevryding./
- Meisie verander van skaam om met die Konstabel te praat na opgewonde wanneer sy deur die venster na die sirkusliggies kyk en daardeur betower word./
- Die sirkus veroorsaak skuldgevoelens by Meisie, sy vra Konstabel om nie vir haar ma te sê dat sy na die liggies kyk nie, daardeur word die Konstabel Meisie se vertroueling./ vriend./
- Meisie voel aangetrokke tot die kleurryke, flambojante hofnar wat haar aan die sirkus herinner en dit lei tot haar bevryding./
- Die sirkusmusiek, wat elke keer wanneer die deur oopgemaak word, gehoor kan word, skep spanning./
- Die sirkusmusiek betower Meisie en dra so tot haar bevryding by wanneer sy op die maat van die musiek by die huis uitdans./

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[25]**

**OF**

## VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 17.1 | 17.1.1 | Toneelaanwysings / neweteks / subteks √ | 1 |
| | 17.1.2 | Dit verwys na Gabriel (Miem se man) wat al sewe jaar lank in die solder bly. √<br><br>Dit verduidelik hoekom daar geen manlike figuur/ beskermer in die huis is nie./ maak gehoor bewus van die las / hulle moet self finansieel regkom /nog hom hand en voet bedien. √ | 1<br><br>1 |
| 17.2 | Dit dui aarseling/vrees/ontsteltenis aan. √ | | 1 |
| 17.3 | 17.3.1 | Tema van Beswering. √<br><br>Sy sien haarself as die een wat die bose moet besweer. √ | 1<br><br>1 |
| | 17.3.2 | Nee,<br><br>Miem besweer / nie die bose nie, en laat onwetend die 'gevaar' (Konstabel) in die huis in/<br>Miem besweer nie die bose nie en vertrou die een persoon wat juis die gevaar inhou, nl. die konstabel. /<br>Miem probeer Meisie beskerm en stuur haar uit wanneer sy vir Konstabel vertel van die verdwynings – dus is Meisie nie bewus van die details wanneer Konstabel haar mislei nie. /<br>Miem gooi Meisie eerder vir die bose, as om haar te beskerm, wanneer sy vir Meisie begin afsmeer aan Konstabel, in die hoop dat hulle sal trou./ Gedurende hierdie poging, stuur sy vir Meisie en Konstabel alleen buitentoe, waar Konstabel die tyd het om vir Meisie te oorreed om saam met hom te ontsnap. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan. Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 17.4 | 31 Augustus 1936/ 1936 √<br><br>Die verdwyning van 'n meisie die afgelope twee jaar, snags op hierdie datum. √ | | 1<br><br>1 |
| 17.5 | Meisie is bang vir die onbekende en die "iets" wat dalk kan gebeur./<br>Die feit dat haar ma die details rondom die verdwyning weghou van Meisie maak dat sy bang is vir wat moontlik kan gebeur./<br>Meisie beleef innerlike konflik, sy het net die twee ouer vrouens wat haar kan beskerm. Haar pa kan nie help nie, want hy sit in die dak. √<br><br>Ja, die konflik word opgehef wanneer Meisie vreesloos saam met die hofnar by die kombuisdeur uitdans. / Konstabel het haar gehelp om die vrees vir die onbekende buiteruimte te oorkom. √ | | 1<br><br>1 |
| 17.6 | Nuuskierigheid √ | | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 17.7 | Ja, die stemming is in die begin van die uittreksel gespanne, maar na die koms van die Konstabel, is daar 'n verligting. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie. Moet beide kante vir 1 punt gee.* | | 1 |
| 17.8 | Motoriese moment √ | | 1 |
| 17.9 | Miem wou Konstabel wegjaag omrede hy vir Gabriel van die ontvoerings verdink het. √<br><br>"oorvriendelik" √ | | 1<br><br>1 |
| 17.10 | 17.10.1 | Sneeuwitjie √ | 1 |
| | 17.10.2 | Net soos Sneeuwitjie is Meisie bleek / Meisie het ook hard gewerk √<br>en wag ook vir haar sprokiesprins wat haar sal kom bevry. √ | 1 |
| | 17.10.3 | Drie is 'n magiese getal – die getal wat die wonder kan laat gebeur. /Dit dui op die bevryding van Meisie wat wel gaan gebeur, op hierdie aand. / Die gebruik van drie versterk ook die sprokieskarakter van die drama. √ | 1 |
| 17.11 | 17.11.1 | blind / sien √ | 1 |
| | 17.11.2 | Dit is ironies dat Miem en Gertie wat kan sien, nie die gevaar raaksien in Konstabel nie./ "Sien is glo" – hulle kon hom immers werklik sien en nog steeds het hulle nie geglo dat hy die ontvoerder kan wees nie. √<br><br>*Die kandidaat moet BEIDE kante van die ironie aanbied vir EEN punt.* | 1 |
| 17.12 | Ja, Die drama is in 'n beknopte formaat./<br>Een hooftema./<br>Geen lang ontwikkelinge nie./<br>Nie geleentheid vir karakterontwikkeling nie, maar net openbaringe van karakters./<br>Beperkte aantal karakters./<br>Dialoog is gekonsentreerd. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 2 |
| 7.13 | Ja, die sirkus se betowering maak dat Meisie gewillig is om haar gevangenisskap te probeer ontsnap. / Die sirkus se betowering maak dat Meisie nie skrik toe Konstabel na 'n hofnar verander nie. / Die sirkusmusiek is 'n deurlopende motief wat Meisie bly lok en uitnooi. √ | | 1 |
| | | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **5–6** | **4** | **3** | **2** | **0–1** |
| **Interpretasie van onderwerp**<br>**Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks**<br><br>**6 PUNTE** | - Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>- Uitstekende begrip van die genre en gedig | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>- Respons redelik gedetailleerd Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>- Begrip van genre en gedig duidelik | - Redelike interpretasie van die onderwerp<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>- Basiese begrip van genre en gedig | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>- Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>- Onvoldoende begrip van genre en gedig | - Geen begrip van die onderwerp nie<br>- Geen verwysing na die gedig nie<br>- Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **4** | **3** | **2** | **1** | **0–1** |
| **Struktuur, logiese vloei en aanbieding**<br>**Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel**<br><br>**4 PUNTE** | - Samehangende struktuur<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>- Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | - Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>- Vloei van argumente kan gevolg word<br>- Taalgebruik, grootliks korrek<br>- Toon en styl is grootliks korrek | - Enkele bewyse van struktuur<br>- 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en same hang ontbreek in die opstel<br>- Geringe taalfoute<br>- Toon en styl meestal gepas | - Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>- Argumente nie logies gerangskik nie<br>- Taalfoute beduidend<br>- Toon en styl nie geskik nie | - Struktuur swak<br>- Ernstige taalfoute<br>- Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| **Interpretasie van onderwerp**<br>**Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks**<br><br>**15 PUNTE** | - Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>- Uitsonderlike respons: 14–15<br>- Uitstekende respons: 12–13<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>- Uitstekende begrip van die teks en genre | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>- Respons redelik gedetailleerd<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>- Begrip van teks en genre duidelik | - Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>- Basiese begrip van teks en genre | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>- Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>- Baie min relevante argumente<br>- Weinig begrip van teks en genre | - Geen begrip van die onderwerp nie<br>- Swak poging om die vraag te beantwoord<br>- Argumente oortuig nie<br>- Leerder het nie die teks/ genre onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| **Struktuur, logiese vloei en aanbieding**<br>**Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel**<br><br>**10 PUNTE** | - Samehangende struktuur<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>- Uitstekende inleiding en slot<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | - Duidelike struktuur<br>- Logiese vloei van argument<br>- Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | - Enkele bewyse van struktuur<br>- Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>- Paragrafering meestal korrek<br>- Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas | - Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>- Argumente nie logies gerangskik nie<br>- Paragrafering foutief<br>- Taalfoute beduidend<br>- Toon en styl nie geskik nie | - Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>- Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>- Paragrafering foutief<br>- Styl en toon nie geskik nie |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou